# BIBLIOGRAFIE


ANON. 1904(a). Hoofdartikel. (Brief van P.C. Snijman hierin ver= vat.) *Het Christelijk Schoolblad.* 6(63):1, Nov.

ANON. 1904(b). Onze Groote Doode. *Het Christelijk Schoolblad.* 6(64):1-2, Des.

ANON. 1905. Sargant. *Het Christelijk Schoolblad.* 5(69):2, Mei.

ANON. 1907. Het Kongres van CNO en onze Koloniale Secretaris. *Het Christelijk Schoolblad.* 7(93):1, Mei.

ANON. 1932. Notule van die 35ste Algemene Jaarvergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging, gehou in die Selbornesaal te Johannesburg op 30 en 31 Maart en 1 April 1932. *Die Kris= telike Skoolblad.* 33(386):7-70, Mei.

ANON. 1936. Notule van die 39ste Algemene Jaarvergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging gehou in die Voortrekker-Gedenksaal te Pretoria van 6 tot 8 April 1936. *Die Christe= like Skoolblad.* 37(434):7-44, Mei.

ANON. 1938. Die Voortrekkereeufees in die skole. *Die Christelike Skoolblad.* 40(457):5-6, Apr.

ANON. 1961(a). Die Republiek. *Onderwysblad.* 65(741):115-116, Jul.

ANON. 1961(b). Ons eerste Staatspresident. *Onderwysblad.* 65 (741):113, Jul.

ANON. 1966. Dr. Hendrik Frensch Verwoerd. Ons dankbare hulde. *Onderwysblad.* 73(804):177-179, Okt.

ANON. 1968(a). Algemene Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 De= sember 1967. *Onderwysblad.* 75(822):30-35, Apr.

ANON. 1968(b). Sake van die TO. *Onderwysblad.* 74(822):29-45, Apr.

ANON. 1969. Volkskongres vir opvoeding en onderwys. *Onderwys= blad.* 76(827):127-131, Apr.

ANON. 1970. Volkskongres. *Onderwysblad.* 77(830):2-3, Jan.

ANON. 1973. The Natal Teachers' Society. (*In* Standard Encyclo= paedia of Southern Africa, 8:73.)

ANON. 1976(a). TO loop lang pad saam met TOD. TO se sestien voorsitters en 83 jaar. *Onderwysblad.* 83(854):7-9, Jan.

ANON. 1976(b). Eerste Minister bring hulde aan die onderwys. *Mondstuk.* 4(45):3, Mrt.

ANON. 1976(c). "Is dit ons erns met die opvoeding?" *Onderwys= blad.* 83(855):3, Apr.

ANON. 1976(d). Die verhouding van die S.A.O.R. tot die Federale Raad, erkende onderwysersverenigings, statutêre onderwyslig= game en die onderwysowerheid. *Die Unie.* 73(5):192-194, Nov.

ANON. 1977(a). Natalse Onderwysersunie. (*In* Ensiklopedie van die Wêreld, 7:528.)

ANON. 1977(b). Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.). (*In* Ensiklopedie van die Wêreld, 8:62-63.)

ANON. 1977(c). Suid-Afrikaanse Onderwysersunie. (*In* Ensiklopedie van die Wêreld, 9:398.)

ANON. 1977(d). South African Teachers' Association. (*In* Ensiklo= pedie van die Wêreld, 9:203.)

ANON. 1977(e). Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tegniese en Be= roepsonderwys. (*In* Ensiklopedie van die Wêreld, 9:405.)

ANON. 1977(f). Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie. (*In* Ensiklo= pedie van die Wêreld, 9:426.)

ANON. 1977(g). Teachers Probe Causes of School violence. *NEA Reporter*. 16(1):9, Jan.

ANON. 1977(h). Gewilde Vakansieoorde. *Mondstuk*. 5(56):5, Febr.

ANON. 1977(i). Swart onderwys hou sleutel ook vir Blanke onderwys. *Mondstuk*. 5(59):1, Mei.

ANON. 1977(j). Bedingingsvermoë van die TO deel I. *Mondstuk*. 5(62):2, Aug.

ANON. 1977(k). TO sê nee Geen Veelrassige Vereniging. *Mondstuk*. 5(62):3, Aug.

ANON. 1977(l). Die TO se bedingingsvermoë. *Mondstuk*. 5(63):2, Sept.

ANON. 1977(m). Interessante brokkies rakende die SAOR. *Mondstuk*. 5(58):8, Apr.

ANON. 1978. ŉ Gesiglose Afrikaneronderwyser? *Mondstuk*. 6(73):2, Jul.

ANON. 1980. R.G.N.-Ondersoek: Grootste in die geskiedenis van die onderwys in die RSA. *Mondstuk*. 8(99):1, 4 en 10, Sept.

ANON. 1981(a). 94th SATA Conference - 1981. *Educational News*. 91(3):7, May.

ANON. 1981(b). Conference 81. *Mentor*. 63(3):76, June.

ANON. 1981(c). Foto-artikel: By die Kongres. *Educa*. 32(1):8-9, Aug.

ANON. 1981(d). Grondwet. *Tydskrif vir Tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika*. 92:Bylaag , Des.

ANON. 1982(a). Foto-artikel - NTS Headquarters Staff. *Mentor*. 64(1):2, Febr.

ANON. 1982(b). Afrikaner-Onderwyskongres behoudend en dinamies. *Mondstuk*. 10(118):1 en 6, Apr.

ANON. 1982(c). Education authorities and teaching profession. *SAOR Bulletin*. 11:12, Jun.

ANDREWS, A. 1939. Armoede en minderwaardigheidskompleks. *Die Christelike Skoolblad*. 40(467):17-18, Febr.

ARNOLD, N. 1954. Die Christelik-nasionale onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920. (Verhandeling (M.Ed.) PU vir CHO.)

BARNARD, S.S. 1974. Onderwyswette in Transvaal voor 1910. (Saam= gestel en van enkele opmerkings voorsien deur S.S. Barnard (Departement Historiese en Vergelykende Opvoedkunde, PU vir CHO), Nov. 1974.)

BARNARD, S.S. 1978. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde as wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO.

BARNARD, S.S. 1979. Blanke-onderwys in Transvaal in Histories-Pedagogiese perspektief. Durban : Butterworth.

BARNARD, S.S. 1981. Vergelykende Opvoedkunde vir onderwysstudente. Durban-Pretoria : Butterworth.

BARRY, C.H. en Tye, F. 1975. Running a School. London : Temple Smith.

BINGLE, H.J.J. 1962. CNO-Referaat deur prof. H.J.J. Bingle. *Onderwysblad.* 69(753):73-79, Jul.

BINGLE, H.J.J. 1968. Die status van die onderwyser. *Onderwys=blad.* 74(821):543-549, Mrt.

BOT, A.K. 1938. Christelik-nasionale Volksopvoeding en die staatskool van Transvaal. *Die Christelike Skoolblad.* 40(461):6-10, Aug.

BOT, A.K. 1943(a). Die betekenis van ons orgaan. *Onderwysblad.* 45(517):73-74, Apr.

BOT, A.K. 1943(b). Onderwys in Transvaal gedurende die laaste vyftig jaar. *Onderwysblad.* 45(517):59-66, Apr.

BOT, A.K. 1951. Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951. Pretoria : Staatsdrukker.

BOT, A.K. 1968(a). Die krag van die TO. *Onderwysblad.* 75(825):167-170, Okt.

BOT, A.K. 1968(b). Flitse uit die verlede van die TO. Tweede kwarteeu: 1913-1943. *Onderwysblad.* 75(825):191-192, Okt.

BREED, Monica. 1975. MER. Vir haar wil ek 'n monument bou. *Onderwysblad.* 83(852):7-8, Jul.

COATES, R.D. 1972. Teacher's unions and interest group politics. Cambridge : University Press.

CHANDLER, B.J., Powell, Daniel en Hazard, William R. 1971. Edu=cation and the new Teacher. New York, Dodd : Mead Company.

COETZEE, J. Chr. 1953. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pretoria : J.L. van Schaik.

COETZEE, J. Chr. 1966. Ons doelstellings. *Onderwysblad.* 72(795):442-443, Jan.

COETZEE, J. Chr. 1968. Ons Vereniging. *Onderwysblad.* 75(825):165-166, Okt.

COETZEE, J. Chr. 1969. Die plek van die lewensopvatting in ons onderwysbeleid. (Referaat gelewer by die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 30 Sept.-2 Okt. 1969 te Pretoria.)

COETZEE, M.J. 1938. Die Voortrekkereeufees in die skole. *Die Christelike Skoolblad.* 40(457):5-6, Apr.

COLLINS, R.D. 1918. Mijn herinneringen van de Konferentie van 1893 en van het ontstaan van de Vereniging. (*In* Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika. Gedenk=boek bij gelegenheid van het vijfentwintigjarig bestaan. Pretoria : Van Schaik, p. 1-5.)

CURTES, S.J. 1965. History of education in Great Britain. New York : Hartcourt, Broce and World.

DEKKER, E.J. 1975. Die grondslae van die opvoeding. Departement Teoretiese Opvoedkunde, Diktaat. PU vir CHO.

DEKKER, E.J. 1979. Die Wes-Duitse Onderwysstelsel. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

DEKKER, J. 1969. Weg met "CNO"?! *Onderwysblad.* 76(827):89-93, Apr.

DE VILLIERS, Roos. 1932. Spaarsaamheid en Voorsorg. *Die Kriste=like Skoolblad.* 33(386):43-47, Mei.

DE WITT, J.T. 1968. Volkome professionalisasie en die status van die onderwysberoep - ŉ krities-vergelykende studie. (Ver=handeling (M.Ed.) - Universiteit van Stellenbosch.)

DE WITT, J.T. 1979. Professionele oriëntering vir die onderwys=beroep. Durban-Pretoria : Butterworth.

DOOYEWEERD, H. 1935. De Wijsbegeerte deur Wetsidee. (Boek 1 - De Wetsidee als Grondlegging der wijsbegeerte.) Amsterdam : H.J. Paris.

DOOYEWEERD, H. 1959. Vernieuwing en bezinning om het Reformato=risch Grondmotief. (Bewerkt door J.A. Oosterhof.) Zutphen : J B van den Brink en Co.

DOOYEWEERD, H. 1969. A new critique of theoretical thought; Vol. I. Philadelphia : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

DOOYEWEERD, H. 1969. A new critique of theoretical thought; Vol. III. Philadelphia : Presbyterian and Reformed Publish=ing Co.

DU PLESSIS, S.J. 1974. Implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels in Suid-Afrika na aanleiding van wette 39/67 en 73/69. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

DU TOIT, G.J. 1970. Die onderwyser (en aspekte wat hom raak). Voorsittersrede gelewer tydens die 72ste Algemene Vergadering van die TO. *Onderwysblad.* 77(832):167-180, Jul.

DU TOIT, J.D. 1961. Aanvanklike sukses. (*In* Du Toit, S., red. Versamelde Werke van J.D. du Toit. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel (Edms.) Bpk., 10:281-282.)

DUVENAGE, B. 1971. Die religieuse grondmotief van die konsepsies van Visser 't Hooft met betrekking tot die Wêreldraad van Kerke. ŉ Wysgerige benadering. (Publikasiereeks nr. 12 Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.) Braamfontein : De Jongh.

EKSTEEN, A.J. 1980. Die Transvaalse Onderwysersvereniging as kultuurvereniging. (Studiestuk geskrywe vir die TO : 29 Mei 1980.)

ERLANK, W.J. du P. 1943. Die kulturele rol van die TO. *Onderwys=blad.* 45(517):33-37, Apr.

ERLANK, W.J. du P. 1975. Ons Taal : ŉ toekomstaak vir die TO. *Onderwysblad.* 83(852):3, Jul.

ESPACH, J.B. 1976. "Dankie onderwysers". *Mondstuk.* 4(43):4, Jan.

FEDERASIE VAN ONDERWYSERSVERENIGINGS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1978. Grondwet.

FLEISCHMAN, J. 1965. Christelike heroriëntering oor status in die onderwys. *Onderwysblad.* 71(785):501-507, Mrt.

GORTON, R.A. 1976. School administration; challenge and oppor= tunity for leadership. Iowa : W.C. Brown.

HANS, N.A. 1971. Comparitive education : a study of educational factors and traditions. London : Routledge and Paul.

HATTINGH, D.L. 1977. Aandeel van onderwysersverenigings in onder= wysbeplanning. (RGN-verslag nr. 0-60.)

HATTING, P.J. 1943. Die TO en sy bedrywighede. *Onderwysblad.* 45(517):39-44, Apr.

HENNING, J.A. 1980. Verslag Hoofsekretaris 1980. *Die Vrystaatse Onderwyser.* 70(8):16-19, Aug.

HENNING, J.A. 1981. Jaarverslag Hoofsekretaris. *Die Vrystaatse Onderwyser.* 71(8):3-7, Aug.

HESSE, D.C.F. 1980. Die NOU: 'n eksemplariese studie van 'n onder= wysersvereniging in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Suid-Afrika.) (Mikrofiche.)

HESSE, H.A. 1918. Kristelik Nationaal Onderwijs in de Koncentratie Kampen. (*In* Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika. Gedenkboek bij gelegenheid van het vijfen= twintigjarig bestaan. Pretoria : Van Schaik, p. 162-163.)

HEYNS, A.M. 1981. Onderwys as middel tot kultuuroordrag en die belangrikheid aldan nie van afsonderlike onderwysstelsels vir verskillende kultuur- en taalgroepe. (*In* Projek : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys, PU vir CHO : Departement Teoretiese Opvoedkunde.)

JOOSTE, J.H. 1969. Die onderwyser, sy opleiding, sy status, sy Christelike roeping en sy beslissende rol in die opvoeding en onderwys van die kinders. (Referaat no. 9 gelewer by die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 Sept. - 2 Okt. 1969.)

JOUBERT, C.J. 1976. Geskiedenis vir St. 10. Volgens die nuwe kern= sillabus. Johannesburg : Perskor-Uitgewery.

KLOOSTER, W. 1918. Onze Vereniging van 31 December 1903 tot 24 April 1908. (*In* Vereniging van Onderwijzers en Onderwijze= ressen in Zuid-Afrika. Gedenkboek bij gelegenheid van het vijfentwintigjarig bestaan. Pretoria : Van Schaik, p. 27-33.)

KRUGER, H.B. 1982. Die Afrikaner-onderwyskongres: Waterskeiding vir Onderwys? *Die Kerkblad.* 84(2639):2 en 11, Mrt.

LABUSCHAGNE, R.J. 1977. Die rol van die Hollanderonderwyser in die Transvaalse Skoolwese tot 1905. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

LANDMAN, W.A. 1978. Die bevordering van volkereverhoudinge deur die onderwyser. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede.* 29(1):16-23, Jan.

LANDMAN, W.A. 1980(a). Die geroepenheid van die Onderwyser(es). Pretoria : Universiteit van Pretoria.

LANDMAN, W.A. 1980(b). Die Transvaalse Onderwysersvereniging as opvoedkundige en professionele vereniging. (Referaat gelewer tydens die 77ste Algemene Vergadering van die TO, 20 Sept. 1980 by Bronkhorstbaai Ontspanningsoord.)

LINDE, A.L. 1929. Die Geskiedenis van die Oranje Vrystaat se Onderwysersvereniging. (Tesis (M.Ed.) - Universiteit van Suid-Afrika.)

MAC DOUGAL, R.L. 1970. Teacher's Role in decision-making. *New York State Education*. :34-37, June.

MARAIS, I.J. 1970. Die plek van ŉ onderwysersvereniging in ŉ onderwysstelsel. *NOU-Blad*. 1(1):6e.v., Febr.

MAREE, H.O. 1982. S.A. TV-onderhoud, gebeeldsaai op 22 Febr. 1982.

NATIONAL EDUCATION ASSOCIATION OF THE UNITED STATES. 1972. Address and proceedings of the one-hundred-and-tenth Annual Meeting held at Atlantic City, New Jersey, June 24-June 30, 1972. Vol. 110, Washington D.C. 20036 : National Education Asso= ciation.

NIENABER, G.S. en P.J. 1967. Die opkoms van Afrikaans as Kultuur= taal. Pretoria : L. van Schaik.

PIENAAR, J.J. 1967. C.N.O.-organisasie (1902-1907) toegelig aan die hand van ŉ C.N.O.-notuleboek. *Onderwysblad*. 74(811): 63-65, Mei.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys (De Lange-verslag.) Pretoria.

RAATH, R.J. 1969. Ter oriëntering. (Referaat gelewer by die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 30 Sept.-2 Okt. 1969 te Pretoria.)

REINECKE, C.J. 1963. Positiewe leiding. Ons Status. *Onderwys= blad*. 69(761):391-392, Mrt.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1967. Die Wet op die Nasionale Onder= wysbeleid, 1967. 39/1967. Durban : Butterworth.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1971. Goewermentskennisgewing R 2029. *Staatskoerant*. (Regulasiekoerant 1527:17-20, 12 Nov.)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1976. Die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1976. 116/1976. Durban : Butterworth.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1981. Tussentydse memorandum oor die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die R.S.A.

ROOS, S.G. 1979. Geestelike weerbaarheid teen ideologiese terro= risme. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel, Transvaal.

RUDOLPH, Coenie. 1975. C.G.S. de Villiers (dr. Con Viljee) lewen= de legende. *Onderwysblad*. 83(852):9-10, Jul.

SCHOEMAN, P.G. 1978(a). Die onderlinge verhouding tussen die bepalers van die onderwys in perspektief gestel: Huis en kind, skool en onderwyskorps, staat- en onderwysowerhede, kerk.

(*In* Bingle, H.J.J., *red.* Besinning en Verantwoording. Durban : Butterworth. p. 113-128.)

SCHOEMAN, P.G. 1978(b). Elementêre grondbegrippe (voorvrae) van die Pedagogiek. *Fokus.* 6(3):793-817, Aug.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die Wysgerige Pedagogiek. Bloemfontein : SACUM Beperk.

SCHUTTE, B.C. 1971. Die roepingsgedagte in die opvoedkunde en opvoeding. *Onderwysblad.* 78(837):195-201, Okt.

SKOOLMEESTER. 1972. Onderwys in 'n wêreldpenarie. *Die Huisgenoot.* no. 2613, 12 Mei 1972:62.

SPIER, J.M. 1950. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. NV Kampen : J.H. Kok.

STEYN, I.N., van der Walt, J.H.P., Dekker, E.I. en Steyn, H.J. 1981. Opvoeding in Tydsperspektief. Potchefstroom : Wes=valia Boekhandel.

STEYN, J.F. 1977. Die onderwysersvereniging se plek en taak in ons onderwys. (Referaat gelewer deur J.F. Steyn, hoofsekre=taris van die T.O., by die S.W.A.O.U.-kongres, Donderdag 31 Maart 1977 in Windhoek, S.W.A.)

STONE, H.J.S. 1974. Struktuur en motief van die onderwysstelsel. Bloemfontein : SACUM.

STRAUSS, D.F.M. 1971. Verdere besinning oor CNO en Wiskunde-onderwys. *Onderwysblad.* 78(837):238-245, Okt.

STRAUSS, D.F.M. 1978(a). Horisontalisme in die wetenskap, veral soos weerspieël deur die hedendaagse opvoedkunde. (*In* Strauss, D.F.M., *red.* Kompendium vir studente in die Wysbe=geerte en die Wysgerige Pedagogiek, deel 1. Durban : Butterworth, p. 1-17.)

STRAUSS, D.F.M. 1978(b). Inleiding tot die Kosmologie. Bloemfon=tein : Sacum Beperk.

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1979. Professionele Gedragskode. (*In* SAOR Handleiding, Pretoria : SAOR, p. 22-25.)

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1981. Vierde verslag van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes 1 April 1980 tot 31 Maart 1981.

SWART, M.J. 1981(a). Christelik-nasionaal — grondslag van ons kultuurarbeid. *Handhaaf.* 18(6):21-26, Jul./Aug.

SWART, M.J. 1981(b). Die grondslag van die Afrikaner se kultuur=arbeid. *Mondstuk.* 10(110):1 en 10, Aug.

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished Lenses. Potchefstroom : Pro Rege Pers (Bpk.).

TAYLOR, C.A. 1977. Professionalisering van die onderwys. *Die Unie.* 73(8):311-317, Febr.

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1980. Beleidsmosies van die TO aanvaar deur die TO gegrond op die referaat van W.A. Landman: Die Transvaalse Onderwysersvereniging as opvoedkundige en professionele vereniging. 77ste Algemene Vergadering, 20 Sept. 1980.

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1981(a). Huishoudelike Regle= ment vir die Personeelverenigingkomitee.

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1981(b). Huishoudelike Regle= ment vir die Professionele Komitee.

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1981(c). Notule van die Ver= gadering van die Kultuur-komitee van die TO gehou op Donder= dag 10 Sept. 1981 om 14h00 in die TO-kantoor.

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1982(a). Algemene verslag van die TO (1 Julie 1980 tot 30 Junie 1982). (*In* Program : Alge= mene Vergadering, Aug. 1982, p. 9-37.)

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1982(b). Notule van die Ver= gadering van die Hoofbestuur van die TO gehou op 27 Maart 1982.

TREURNICHT, A.P. 1969. Die taak van die Afrikaneronderwyser in ons revolusionêre tyd. *Onderwysblad.* 76(828):161-165, Jul.

VAANDRAGER, M. 1918. Onze Vereniging van 24 April 1908 tot 31 December 1917. (*In* Vereniging van Onderwijzers en Onder= wijzeressen in Zuid-Afrika. Gedenkboek by gelegenheid van het vijfentwintigjarig bestaan. Pretoria : Van Schaik, p. 34-41.)

VAN BRUGGEN, J. 1918. De Voor-de-Oorlogse periode van onze Vereniging. (*In* Vereniging van Onderwijzers en Onderwijze= ressen in Zuid-Afrika. Gedenkboek bij gelegenheid van het vijfentwintigjarig bestaan. Pretoria : Van Schaik, p. 6-26.)

VAN DEN BERG, J.H. 1973. Die veranderde en veranderende status en rol van die Blanke onderwyser in Suid-Afrika. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

VAN DER MERWE BRINK, D.S. 1975. "Onderwys Vandag". (Rede gelewer tydens 'n TO-saamtrek te Ermelo.) *Onderwysblad.* 83(853):6-8, Okt.

VAN DER WALT, J.L. 1978. Die onderwys as professie. *Fokus.* 6(4):833-872, Nov.

VAN DER WALT, J.L. 1980. Opvoedkunde as lewende wetenskap — Inleiding tot die wetenskapsleer van die opvoedkunde. Durban : Butterworth.

VAN DER WALT, J.L. en Van der Walt, I.D. 1980. Die grondslae van die opvoedkunde. Dele 1, 4 en 5. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. 1982(a). Die navorsingsmetode van die Fundamen= tele Opvoedkunde. *Koers.* 47(1):28-44.

VAN DER WALT, J.L. 1982(b). Oor definisies en slaggate. *Fokus.* 10(1):1967-1977, Mrt.

VAN DER WALT, J.L., Dekker, E.I. 1982. Fundamentele Opvoedkunde vir Onderwysstudente. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1978. Die implikasies van 'n Christelike Kenteorie vir die opvoedkunde. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

VAN LILL, G.J. 1971. Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) 1905-1970. (Proefskrif (D.Ed.) - Universiteit van Stellen= bosch.)

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Butter= worth : Durban-Pretoria.

VAN WYK, A.H. du P. 1938. Die geskiedenis van die TO. *Die Chris= telike Skoolblad*, 1938 (1) 40(455):19-23, Febr.
(2) 40(456):18-23, Mrt.
1939 (1) 40(467):25-30, Febr.
(2) 41(468):24-30, Mrt.
(3) 41(472):15-20, Jul.

VAN WYK, J.H. 1979. Strominge in die opvoedingsteorie. Durban : Butterworth.

VAN WYK, P.G. 1968(a). 'n Terugblik oor die afgelope vyf-en- twintig jaar. *Onderwysblad.* 75(825):207-210, Okt.

VAN WYK, P.G. 1968(b). Verdere Nuusflitse. *Onderwysblad.* 75(825): 192-206, Okt.

VAN WYK, M. 1982. Brief aan W. Postma (skrywer), 11 Augustus, Pretoria. (Oorspronklike kopie in skrywer se besit.)

VERMEULEN, A. 1971. Die opvoedkundig-antropologiese betekenis van die wysbegeerte van die wetsidee. (Raad vir Geestes= wetenskaplike Navorsing Publikasiereeks nr. 19.) Potchef= stroom : Pro Rege.

VILJOEN, G.v.N. 1981. Address by the Minister of National Edu= cation, dr. the hon. G.v.N. Viljoen, to Conference. *The Transvaal Educational News.* 68(9):11-15, Okt.

VISSCHER, H. 1904. Het Christelijk Nationaal Onderwijs in Trans= vaal. *Het Christelijk Schoolblad.* 6(64):2, Des.

VISSCHER, H. 1918. Het CNO van 1903 tot 1907. (*In* Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika. Gedenk= boek bij gelegenheid van het vijfentwintigjarig bestaan. Pretoria : Van Schaik, p. 151-159.)

VOLKSKONGRES VIR OPVOEDING EN ONDERWYS. 1969. Besluite geneem deur die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys wat gehou is te Pretoria op 29 Sept. tot 2 Okt. 1969.

BYLAAG 1

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING
(Gestig op 4 April 1893)

GRONDWET 1982

WOORDOMSKRYWING

Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Grondwet:

"Onderwyser" ook "onderwyseres";

"Hy" ook "sy";

"Vereniging" of "TO" die Transvaalse Onderwysersvereniging;

"Hoofbestuur" die Hoofbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging;

"Voorsitter" die Voorsitter van die Transvaalse Onderwysersvereniging;

"Hoofsekretaris" die Hoofsekretaris van die Transvaalse Onderwysersvereniging.

NAAM

Artikel I
Die naam van die Vereniging is: TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING.

GRONDBEGINSELS

Artikel II
Die Vereniging erken dat

A In die Heilige Skrif die diepste verborgenhede omtrent die wese en die be=stemming van die mens geopenbaar is en aanvaar die Woord van God as sy grond=slag.

B Onderwys en opvoeding onafskeidbaar is.

C Onderwys en opvoeding Christelik en nasionaal is.

TAAL

Artikel III
Die amptelike taal van die Vereniging is Afrikaans.

SAMESTELLING

Artikel IV
Die Vereniging is 'n onafhanklike liggaam wat bestaan uit die lede soos uiteen=gesit in Artikel VI.

DOELSTELLINGS

Artikel V

A Die bevordering van Christelike en nasionale opvoeding in en deur die skool met inagneming van die bepalings van die landswette en die afgekondigde be=leid wat hierop betrekking het.

B Die bevordering van die belange van onderwysers en oud-onderwysers deur elke middel wat deur die Vereniging as gepas beskou word.

C Die bevordering van die Afrikaanse taal, kultuur en tradisies langs weë en deur middele wat die Vereniging as gepas beskou.

D Die daarstelling van dienste en geriewe wat op 'n koöperatiewe basis as 'n voordeel van lidmaatskap benut kan word.

LIDMAATSKAP

Artikel VI

A Lidmaatskap is beperk tot die volgende Blanke persone wat skriftelik die Grondwet van die Vereniging aanvaar:

1. Gewone lede

   Persone wat volgens die bepaling in die wet op die Suid-Afrikaanse Onder=wysersraad vir Blankes (Wet nr 116 van 1976) toegelaat kan word om as onderwyser te registreer of voorwaardelik te registreer, met dien ver=stande dat persone wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie nogtans deur die Hoofbestuur as lede goedgekeur kan word vanweë hulle verbondenheid aan die onderwys en inskakeling by die Vereniging.

2. Lewenslange lede

   (a) Die Hoofbestuur het die reg om 'n gewone lid wat by sy uitdienstre=ding minstens vyftien jaar lank ononderbroke lid was en vanweë sy meelewing met TO-aktiwiteite deur 'n tak of deur 'n hoofbestuurslid voorgestel word, tot lewenslange lid te verklaar.

   (b) 'n Lewenslange lid deel in alle voorregte van lidmaatskap van die Vereniging, maar kan nie as hoofbestuurslid dien nie en ontvang nie die amptelike publikasies van die TO gratis nie.

3. Erelede

   (a) Die Hoofbestuur het die reg om in uitsonderlike gevalle enige Blanke persoon tot erelid te benoem aan die hand van kriteria wat vir die doel deur die Hoofbestuur opgestel is.

   (b) 'n Erelid deel in die voorregte wat van tyd tot tyd deur die Hoofbe=stuur bepaal word.

4. Rustende lede

   (a) Die Hoofbestuur het die reg om rustende lidmaatskap toe te ken aan TO-lede wat uit die diens tree en nie 'n pos in 'n heeltydse perma=nente hoedanigheid by 'n ander werkgewer aanvaar nie, met dien ver=stande dat sodanige lid 'n onderneming met die Vereniging aangaan om by hertoetrede tot die diens weer volle lidmaatskap te aanvaar.

   (b) 'n Rustende lid deel in die voorregte wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur bepaal word.

5. Studentelede

   (a) Die Hoofbestuur het die reg om studentelidmaatskap toe te ken aan onderwysstudente verbonde aan tersiêre opleidingsinrigtings.

   (b) 'n Studentelid deel in die voorregte wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur bepaal word.

B 1. Die Hoofbestuur het die reg om sonder opgawe van redes die naam van 'n gewone lid of lewenslange lid of erelid of rustende lid of studentelid van die ledelys te verwyder wanneer hy bevind dat sodanige lid, of lewens=lange lid, of erelid, of rustende lid of studentelid hom aan onprofessio=nele gedrag, getoets aan die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Onder=wysersraad vir Blankes, of wangedrag skuldig maak, of in gebreke bly om die voorskrifte van die Grondwet na te kom.

2. By beëindiging van lidmaatskap van 'n gewone lid, lewenslange lid, erelid,

rustende lid of studentelid, hetsy vrywilliglik of deur opsegging, word al die regte wat die persoon op daardie tydstip in die Vereniging gehad het, beëindig.

REGSPERSOONLIKHEID

Artikel VII
Die Vereniging is 'n regspersoon met die bevoegdheid om in eie naam eiendom (roerend en onroerend) op enige wettige wyse te verkry, te besit, te vervreem of andersins daarmee te handel; om fondse te belê in verbande op onroerende eien=dom en om sodanige verbande, geregistreer ten gunste van die Vereniging, te sedeer as sekuriteit of andersins daarmee te handel; om lenings aan te gaan en teen sekuriteit van die onroerende eiendom van die Vereniging verbande op bedoelde eiendom te registreer of andersins die krediet van die Vereniging te verbind; om regsgedinge in te stel of te verdedig, met dien verstande dat die Vereniging geag word behoorlik verteenwoordig te wees deur die Voorsitter en die Hoofsekretaris wat ook magtiging het om alle dokumente namens die Vereniging te onderteken.

BESTUURSORGANE

Artikel VIII
Die Vereniging het volgende bestuursorgane:
1. 'n Algemene Vergadering van lede (Artikel IX)
2. 'n Hoofbestuur (Artikel X)
3. 'n Uitvoerende Komitee (Artikel XI)
4. 'n Finansieskomitee (Artikel XII)
5. 'n Dagbestuur (Artikel XIII)
6. Belangegroepe (Artikel XIV)
7. Kringe (Artikel XV)
8. Takke (Artikel XVI)
9. 'n Redaksie (Artikel XVII)

ALGEMENE VERGADERING

Artikel IX
A <u>Omskrywing</u>
Die Algemene Vergadering is die hoogste gesagsliggaam van die Vereniging.

B <u>Samestelling</u>
1. Die Algemene Vergadering word saamgestel uit:
   (a) Die lede van die Hoofbestuur.
   (b) Afgevaardigdes van takke, met dien verstande dat:
      (i) Elke tak deur een afgevaardigde vir elke agtal bone fide-tak=lede of gedeelte daarvan verteenwoordig word.
      (ii) 'n Afgevaardigde by die opening van die Algemene Vergadering aan die Hoofsekretaris sy geloofsbrief, deur die voorsitter en die sekretaris van sy tak onderteken, moet voorlê.
      (iii) Takke vir die koste van hulle afgevaardigdes na die Algemene Vergadering verantwoordelik is.
2. Alle ander lede van die Vereniging het toegang tot die Algemene Verga=dering.
3. Slegs hoofbestuurslede en die afgevaardigdes soos omskryf in 1(a) en (b) hierbo het stemreg op die Algemene Vergadering.

C <u>Bevoegdhede en verpligting</u>
1. Die Algemene Vergadering het die bevoegdheid om besluite te neem wat

bindend is op alle lede en bestuursorgane van die Vereniging.

2. Die Algemene Vergadering moet die volgende sake behandel:

   (a) Alle verslae, beskrywingspunte en mosies wat aan hom voorgelê word.

   (b) Die verkiesing van die voorsitter van die Vereniging soos bepaal in Artikel XVIII hieronder.

D <u>Verrigtinge</u>

1. Die Algemene Vergadering vergader tweejaarliks.

2. Die Algemene Vergadering word aangekondig by wyse van 'n kennisgewing in 'n amptelike publikasie van die Vereniging minstens dertig dae voor die Vergadering moet plaasvind, welke kennisgewing die datum, plek en sakelys van die Algemene Vergadering moet bevat.

3. Geen saak buite en behalwe die wat op die sakelys in die kennisgewing vervat is, mag op die Algemene Vergadering bespreek word nie, tensy die Algemene Vergadering hom met 'n drie-kwart-meerderheid daartoe bereid verklaar.

4. Die kworum vir 'n Algemene Vergadering bestaan uit minstens die helfte van die takke soos verteenwoordig deur hul afgevaardigdes op die Alge=mene Vergadering.

5. 'n Besluit op 'n Algemene Vergadering word alleen geneem met 'n volstrekte meerderheid van stemme van stemgeregtigde teenwoordige lede.

6. 'n Algemene Vergadering is geregtig om indien hy so besluit, die verga=dering of 'n gedeelte daarvan agter geslote deur te hou.

7. Die Algemene Vergadering kan van tyd tot tyd persone benoem om hom na goeddunke te verteenwoordig. Genoemde benoeming kan slegs mondelings geskied of alternatiewelik ingevolge 'n skriftelike volmag verleen deur die Algemene Vergadering.

8. Algemene Vergaderings word met gebed geopen en gesluit.

9. Die voorsitter van die Vereniging tree as voorsitter by Algemene Verga=derings op.

10. Die voorsitter het 'n beslissende stem, behalwe by die verkiesing van persone en by geheime stemmings.

E <u>Buitengewone Algemene Vergaderings</u>

1. 'n Buitengewone Algemene Vergadering kan te eniger tyd na goeddunke deur die Hoofbestuur belê word, met dien verstande dat die Hoofbestuur so=danige Buitengewone Algemene Vergadering moet belê indien hy daartoe versoek word deur minstens dertig persent van die takke van die Vereni=ging.

2. Behoudens die bepalings van Artikel XXIII(E)1 word 'n Buitengewone Alge=mene Vergadering aangekondig deur minstens veertien dae skriftelike ken=nisgewing aan die sekretarisse van alle takke, welke kennisgewing die datum, plek en sakelys van die Buitengewone Algemene Vergadering moet bevat.

3. Geen saak buite en behalwe dié op die sakelys in die kennisgewing vervat, mag op die Buitengewone Algemene Vergadering bespreek word nie.

4. Die bepalings in D. 4,5,6,7,8 en 9 hierbo ten opsigte van Algemene Ver=gaderings geld mutatis mutandis ten opsigte van Buitengewone Algemene Vergaderings.

HOOFBESTUUR

Artikel X

A Samestelling

Die Hoofbestuur word saamgestel uit:

1. Die voorsitter van die Vereniging.

2. Twee Gewone Hoofbestuurslede verteenwoordigend van elke kring, soos saam=gestel in Artikel XVA hieronder, met dien verstande dat een Gewone Hoof=bestuurslid 'n rektor, vise-rektor, dekaan, departementshoof (tersiêr), senior lektor/dosent, hoof, adjunk-hoof, of departementshoof (skoolvlak) is en die ander een 'n lektor/dosent of onderwyser met dien verstande ver=der dat een Gewone Hoofbestuurslid aan 'n tersiêre onderwysinrigting of skool met sekondêre status en die ander een aan 'n primêre skool of kleu=terskool verbonde is. Gemelde benaminge word aangepas indien dit van owerheidsweë verander word.

3. Bykomende Hoofbestuurslede synde die voorsitters van die erkende belange=groepe.

4. Drie Bykomende Hoofbestuurslede wat onderwyseresse is, bestaande uit die voorsitster van die Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange en nog twee lede van die Komitee vir Onderwyseressebelange en nog twee lede van die Komitee, wat deur die onderwyseresse wat amptelike afgevaardigdes na die Algemene Vergadering is, tydens 'n Onderwyseressebelangevergadering aangewys word en waarvan een aan 'n pre-primêre of primêre, een aan 'n sekondêre en een aan 'n tersiêre onderwysinrigting verbonde is, met dien verstande dat minstens een, maar nie meer as twee nie, 'n getroude onder=wyseres is.

5. Bykomende Hoofbestuurslede synde een verteenwoordiger van elke TO-be=langegroepafdeling aan tersiêre onderwysinrigtings in Transvaal wat deur die Hoofbestuur erken word, met dien verstande dat die belangegroepaf=deling waaraan die voorsitter van die Belangegroep Onderwysersopleiding verbonde is, deur genoemde voorsitter verteenwoordig sal word.

6. Bykomende Hoofbestuurslede synde TO-verteenwoordigers in statutêre lig=game wat ook die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes insluit, met dien verstande dat dit nie amptenare van die Vereniging insluit nie.

7. Bykomende Hoofbestuurslede syne die voorsitters van die Professionele=komitee, Kultuurkomitee en die Personeelverenigingkomitee van die Ver=eniging.

B Kwalifikasies van Hoofbestuurslede

Slegs lede van hierdie Vereniging mag in die Hoofbestuur dien, met dien ver=stande dat die Hoofbestuur in uitsonderlike gevalle toestemming mag verleen dat persone wat ook lidmaatskap van ander onderwysersverenigings of onder=wyserorganisasies het, in die Hoofbestuur mag dien.

C Bevoegdhede en Verpligtinge

Die Hoofbestuur is die uitvoerende gesag van die Vereniging en het die vol=gende bevoegdhede en verpligtinge:

1. Om die doelstellings van die Vereniging aktief tot uitvoering te bring en in dié verband alles te doen wat nodig geag word;

2. Om die sake van die Vereniging tussen twee Algemene Vergaderings te be=stuur;

3. Om uitvoering te gee aan die besluite van die Algemene Vergadering;

4. Om 'n verslag vandie werksaamhede van die Vereniging asook 'n geldverslag aan die Algemene Vergadering voor te lê;

5. Om die notule van die vorige Algemene Vergadering goed te keur of na die Algemene Vergadering terug te verwys;

6. Die Hoofbestuur en sy amptenare (soos omskryf in Artikel XIX) is gesa= mentlik en afsonderlik vrygestel van aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van die ter goeder trou handelinge of verskaffing van inlig= ting van die hoofbestuurslede of amptenare.

D Verkiesing van Hoofbestuurslede

1. Gewone Hoofbestuurslede

(a) Gewone Hoofbestuurslede word deur die TO-lede van die betrokke kring op meriete verkies, met dien verstande dat geen beurtstelsel erken word nie, en onderhewig aan die bepaling van Artikel X A 2.

(b) Alle TO-lede in takke wat onder dié betrokke kring ressorteer, het stemreg by sodanige verkiesing.

(c) Die verkiesing vind plaas tydens 'n vierjaarlikse kringsaamtrek wat deur die Kringbestuur in oorleg met die Hoofsekretaris gereël word.

(d) 'n Kworum op die saamtrek bestaan uit die teenwoordige TO-lede.

(e) Onmiddellik na afloop van die vergadering van die lede van die Kring, word die Hoofsekretaris skriftelik van die uitslag van die ver= kiesing in kennis gestel.

(f) Tussentydse vakatures

(i) 'n Tussentydse vakature wat ontstaan het weens die bedanking of uittrede van 'n Gewone Hoofbestuurslid, berus by 'n kieskollege bestaande uit die lede van die Kringbestuur plus een lid deur elke tak aangewys.

(ii) Binne veertien dae na die ontvangs van die kennisgewing van die Hoofsekretaris dat daar 'n hoofbestuurslid verkies moet word, belê die kringsekretaris 'n vergadering van die kies= kollege voor 'n datum soos deur die Hoofsekretaris bepaal.

(iii) Met inagneming van die bepalings van Artikel X A 2, kies die kieskollege 'n hoofbestuurslid uit die lede van sy kring op meriete, met dien verstande dat geen beurtstelsel erken word nie.

(iv) 'n Kworum vir 'n vergadering van die kieskollege bestaan uit die helfte plus een van die lede van die kieskollege.

(v) Onmiddellik na afloop van die vergadering van die kieskollege word die Hoofsekretaris skriftelik van die uitslag van die verkiesing in kennis gestel.

(vi) Indien die kring in gebreke bly om 'n vakature aldus aan te vul, sal die Hoofbestuur geregtig wees om die vakature(s) te vul.

2. Bykomende Hoofbestuurslede

(a) Bykomende Hoofbestuurslede word verkies deur die belangegroepe, die Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange en die belangegroep= afdelings van tersiêre onderwysinrigtings.

(b) Die verkiesing vind tweejaarliks plaas op 'n wyse ingevolge die be= palings van elke belangegroep, die Hoofbestuurskomitee vir Onderwy= seressebelange en belangegroepafdelings van tersiêre onderwysinrig= tings se huishoudelike reglemente in hierdie verband.

(c) Tussentydse vakatures word deur die Sentrale Bestuur van die betrok= ke belangegroep, die Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange of belangegroepafdelings van die betrokke tersiêre onderwysinrig= tings gevul, by gebreke waaraan die Hoofbestuur geregtig sal wees

om die vakature(s) aan te vul.

E Dienstyd van Hoofbestuurslede

1. Die dienstermyn van Hoofbestuurslede begin na die verstryking van die dienstermyn van hul voorgangers.

2. Gewone Hoofbestuurslede dien vier jaar en is herkiesbaar terwyl byko=mende Hoofbestuurslede dien in ooreenstemming met die huishoudelike reglemente van die belangegroepe, die Hoofbestuurskomitee vir Onderwy=seressebelange en belangegroepafdelings van tersiêre onderwysinrigtings.

3. 'n Tussentydse vakature word net vir die onverstreke gedeelte van die betrokke hoofbestuurslid se termyn gevul.

4. Gewone Hoofbestuurslede tree in rotasie af met dien verstande dat hoof=bestuurslede wat kringe met ewenommers verteenwoordig in die ewejaartalle wat deur vier deelbaar is, aftree, terwyl die hoofbestuurslede wat kringe met onewe nommers verteenwoordig in die ander ewejaartalle (ondeelbaar deur vier) aftree en wel na afloop van die tweejaarlikse Algemene Verga=dering waarop hulle dienstermyn verstryk.

5. 'n Hoofbestuurslid in 'n nie-bevorderingspos wat bevorder word in 'n pos in dieselfde kring wat hy/sy oorspronklik verteenwoordig het, bly as hoofbestuurslid dien vir die onverstreke gedeelte van die termyn waar=voor hy/sy oorspronklik gekies is.

F Beëindiging van diens

'n Hoofbestuurslid se diens word beëindig indien:

(a) die lid sonder 'n verskoning wat deur die Hoofbestuur aanvaar word, af=wesig is van twee (2) agtereenvolgende vergaderings;

(b) hy/sy skriftelik aan die hoofuitvoerende amptenaar kennis gee van sy/haar voorneme om diens te beëindig;

(c) hy/sy te sterwe kom.

G Pligte van Gewone Hoofbestuurslede

Die pligte van Gewone Hoofbestuurslede is:

1. Om as professionele leiers namens die Vereniging op te tree;
2. Om die beleid van die Vereniging in hul kring te vertolk en te propageer;
3. Om hul takke op uitnodiging of op eie inisiatief minstens een keer elke jaar te besoek;
4. Om saam met hul bestuur na behoefte kringkonferensies van lede te orga=niseer en te hou;
5. Om toe te sien dat nuwe lede in hul kring gewerf word;
6. Om hoofbestuursvergaderings gereeld by te woon;
7. Om die bywoning van vergaderings deur TO-lede aan te moedig en 'n gesonde gees in hul kring te bewerkstellig;
8. Om jaarliks 'n verslag van TO-werksaamhede in te dien.

UITVOERENDE KOMITEE

Artikel XI

A Samestelling

Die Uitvoerende Komitee word saamgestel uit:

1. Die voorsitter van die Vereniging.
2. Die ondervoorsitter van die Vereniging.

3. Twee stedelike hoofbestuurslede, uit kringe soos deur die Hoofbestuur bepaal, wat vergaderings van die Uitvoerende Komitee op weeksdae kan bywoon, welke lede aangewys word op die eerste vergadering van die Hoof=bestuur na die Algemene Vergadering.

4. Twee plattelandse hoofbestuurslede, uit kringe soos deur die Hoofbestuur bepaal, wat vergaderings van die Uitvoerende Komitee op weeksdae kan bywoon, welke lede aangewys word op die eerste vergadering van die Hoof=bestuur na die Algemene Vergadering.

5. Die voorsitters van die erkende belangegroepe.

6. Die verteenwoordigers van die Vereniging op statutêre liggame, met dien verstande dat dit nie amptenare van die Vereniging insluit nie.

7. Bykomende Uitvoerende Komiteelede synde die Voorsitters van die Profes=sionele Komitee, Kultuurkomitee en die Personeelverenigingkomitee van die Vereniging asook die lid van die Finansieskomitee wat op grond van sy/haar rekenkundige onderlegdheid en ervaring van finansiële beheer en ad=ministrasie op die Finansieskomitee benoem is.

B <u>Dienstermyn van die Uitvoerende Komitee</u>
Die dienstermyn van die Uitvoerende Komitee strek van die eerste hoofbestuurs=vergadering na 'n bepaalde Algemene Vergadering tot die eerste hoofbestuurs=vergadering na 'n volgende Algemene Vergadering met dien verstande dat tussentydse vakatures van lede in A 2 en 3 genoem, deur die Hoofbestuur aangevul word.

C <u>Bevoegdhede en Verpligtinge</u>
Die Uitvoerende Komitee is die uitvoerende gesag, beklee met die bevoegdhede en verpligtinge soos van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur aan hom opgedra, tussen vergaderings van die Hoofbestuur en hy is verantwoordelik aan die Hoofbestuur.

FINANSIESKOMITEE

Artikel XII
A <u>Samestelling</u>
Die Finansieskomitee word saamgestel uit:

1. Die voorsitter van die Vereniging.

2. Die ondervoorsitter van die Vereniging.

3. 'n Derde lid verkies uit die geledere van die Hoofbestuur wat rekening=kundig onderlê is en wat oor ervaring van finansiële beheer en admini=strasie beskik.

4. Die drie voorsitters van die Professionele Komitee, die Kultuurkomitee en die Personeelverenigingkomitee onderskeidelik.

B <u>Bevoegdhede en Verpligtinge</u>
Die Finansieskomitee hanteer die finansiële sake wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur na hom verwys word en is verantwoordelik aan die Hoofbestuur.

DAGBESTUUR

Artikel XIII
A <u>Samestelling</u>
Die Dagbestuur bestaan uit:

1. Die voorsitter van die Vereniging.

2. Die ondervoorsitter van die Vereniging.

3. Die oorblywende lid van die Finansieskomitee.

4. Die drie voorsitters van die Professionele Komitee, die Kultuurkomitee en die Personeelverenigingkomitee.

B Bevoegdhede en Verpligtinge

Die Dagbestuur hanteer sake van dringende aard waar die volle Uitvoerende Komitee om praktiese redes nie geraadpleeg kan word nie en is verantwoordelik aan die Uitvoerende Komitee en die Hoofbestuur.

BELANGEGROEPE

Artikel XIV

A Samestelling

Belangegroepe word saamgestel uit persone wat eiesoortige belange nastreef en wat verteenwoordigend is van die Provinsie Transvaal en wat om erkenning aansoek doen by die Hoofbestuur.

B Funksionering

1. Na erkenning van 'n belangegroep deur die Hoofbestuur lê die belangegroep 'n huishoudelike reglement aan die Hoofbestuur voor vir goedkeuring.
2. Elke belangegroep beskik oor 'n sentrale bestuur wat saamgestel word ooreenkomstig die huishoudelike reglement.
3. Die voorsitter van die sentrale bestuur verteenwoordig die belangegroep in die Hoofbestuur en die Uitvoerende Komitee.
4. 'n Belangegroep het die reg om beskrywingspunte aan die Hoofbestuur voor te lê.
5. Lidmaatskap van 'n belangegroep is beperk tot lede van die Vereniging.

C Erkende Belangegroepe

Die volgende is erkende belangegroepe:

1. Onderwysersopleiding.
2. Sekondêre Skole.
3. Laerskole.
4. Spesiale Skole.
5. Pre-primêre Skole.
6. Koshuise.
7. Sielkundige- en Voorligtingsdiens.

D Beskerming van groepsbelange

In geval van 'n botsing van belange tussen twee of meer belangegroepe is dit die taak van die Hoofbestuur om die standpunte van die onderskeie groepe te eerbiedig en dienooreenkomstig aan alle partye die geleentheid te gee om hulle standpunt te stel.

KRINGE

Artikel XV

A Samestelling

Die Hoofbestuur bepaal kringgrense en groepeer takke in kringe binne sodanige grense.

B Funksionering

Elke kring word op 'n ad hoc-basis bestuur deur 'n Kringbestuur bestaande uit:

1. die twee gewone Hoofbestuurslede wat ooreenkomstig Artikel X A 2 verkies is en waarvan een deur die Kringbestuur as voorsitter aangewys word;
2. alle bykomende Hoofbestuurslede wat in die kring woonagtig is;

3. drie voorsitters en sekretarisse van alle takke in die kring;

4. bykomende lede deur die Kringbestuur aangewys, soos wat dit nodig geag word met dien verstande dat die getal bykomende lede nie die aantal tak= ke in die kring oorskry nie.

C Bevoegdhede en Verpligtinge van die Kringbestuur
Die bevoegdhede en verpligtinge van 'n kringbestuur is:

1. om 'n skakeling tussen sy takke te bewerkstellig;

2. om die verkiesing van hoofbestuurslede te reël;

3. om hulp aan die hoofbestuurslede te verleen;

4. om takke met die behartiging en bevordering van verenigingsbelange be= hulpsaam te wees;

5. om kringkonferensies na behoefte te reël en samewerking met kerk en huis te soek;

6. om beskrywingspunte na behoefte te formuleer en aan die Hoofbestuur te stuur.

TAKKE

Artikel XVI
A Samestelling
Agt of meer lede van die Vereniging is geregtig om met die goedkeuring van die Hoofbestuur 'n tak te stig.

B Funksionering
1. 'n Tak lê 'n huishoudelike reglement vir goedkeuring aan die Hoofbestuur voor.

2. 'n Tak vergader minstens twee keer per jaar.

3. 'n Tak moet jaarliks binne een week na sy laaste vergadering vir daardie jaar 'n jaarverslag, op die voorgeskrewe wyse, by die Hoofsekretaris in= dien.

4. 'n Tak kies sy eie bestuur volgens die bepalings van sy huishoudelike reglement jaarliks na afloop van die Algemene Vergadering, maar nie later as 31 Maart van die daaropvolgende jaar nie. Die name en adresse van die voorsitter, sekretaris en ander lede moet onverwyld na elke ver= kiesing by die Hoofsekretaris ingedien word.

5. 'n Tak is vir sy eie geldsake verantwoordelik.

C Bevoegdhede en Verpligtinge van Takbestuur
Die bevoegdhede en verpligtinge van 'n takbestuur is:

1. om lede van die Vereniging aan te moedig om adresveranderinge stiptelik by die Hoofsekretaris aan te meld;

2. om soveel nuwe lede as moontlik te werf en om die bestaande lede se goedgesindheid teenoor die Vereniging te verseker;

3. om alle Hoofbestuurslede in sy kring in kennis te stel van al sy ver= gaderings.

REDAKSIE(S)

Artikel XVII
A Samestelling
1. Die Redaksie(s) kan uit 'n enkele persoon of 'n komitee bestaan.

2. Die Redaksie(s) word tweejaarliks deur die Hoofbestuur benoem en kan

sonder kennisgewing ontbind en vervang word.

B Bevoegdhede en Verpligtinge

1. Die Redaksie(s) ontvang opdragte van die Hoofbestuur en is verantwoor= delik aan die Hoofbestuur.
2. Dit is die plig van die Redaksie(s) om die erkende beleid van die Ver= eniging te vertolk, maar hy/hulle geniet ook 'n mate van vryheid om standpunte te stel wat nie in stryd met die aanvaarde beleid van die Vereniging is nie.
3. Die lede van die Redaksie(s) kan toelaes, soos van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur bepaal, ontvang.
4. Die Redaksie(s) het die reg om met die goedkeuring van die Hoofbestuur honararia aan korrespondente en medewerkers te betaal.

C Publikasies van die Vereniging

Die Algemene Vergadering besluit van tyd tot tyd welke publikasie(s) as die amptelike publikasie(s) van die Vereniging sal dien.

D Vereenselwiging

Die Hoofbestuur vereenselwig hom nie noodwendig met die standpunte van die Redaksie(s) of korrespondente nie.

AMPSDRAERS

Artikel XVIII

A Voorsitter van die Vereniging

1. Die voorsitter van die Vereniging word tweejaarliks met geslote stem= briefies deur die stemgeregtigde lede op die Algemene Vergadering verkies nadat nominasies vir die amp op die voorgeskrewe vorm ingedien is. In= dien meer as twee kandidate genomineer is, word na die eerste stemming slegs dié kandidate wat saam 'n volstrekte meerderheid van stemme op hulle verenig het, behou vir die volgende stemming(s) totdat een van die kan= didate 'n volstrekte meerderheid van stemme behaal het. Waar slegs een nominasie ontvang is. word die betrokke kandidaat as behoorlik verkose verklaar.
2. Indien die amp tussentyds vakant raak, verkies die Hoofbestuur 'n nuwe voorsitter op sy eersvolgende vergadering of op 'n buitengewone vergade= ring wat spesiaal vir die doel deur die Uitvoerende Komitee van die Vereniging belê word.
3. Die voorsitter verteenwoordig nie 'n kring of belangegroep nie. Indien hy tydens sy verkiesing 'n kring of 'n belangegroep verteenwoordig, word sy pos ontruim en ontstaan 'n vakature in die kring of belangegroep.
4. Die voorsitter is herkiesbaar by sy uittrede.
5. Die voorsitter dien ampshalwe op alle besture van die TO.

B Ondervoorsitter

1. 'n Ondervoorsitter word vir 'n termyn van twee jaar deur die Hoofbestuur uit eie geledere aangewys op sy eerste vergadering na die Algemene Ver= gadering.
2. Die ondervoorsitter beklee die amp van voorsitter wanneer die voorsitter nie beskikbaar is nie.
3. Indien die amp tussentyds vakant raak, verkies die Hoofbestuur 'n nuwe ondervoorsitter op sy eersvolgende vergadering of op 'n buitengewone ver= gadering wat spesiaal vir die doel deur die Uitvoerende Komitee van die Vergadering belê word.
4. Die ondervoorsitter dien ampshalwe op alle besture van die TO.

AMPTENARE

Artikel XIX
Die Hoofbestuur is geregtig om die volgende amptenare aan te stel en hul diensvoorwaardes vas te stel:

A 'n Hoofuitvoerende amptenaar (hoofsekretaris) in 'n permanente hoedanigheid;

B verdere amptenare in oorleg met die hoofsekretaris.

VERTEENWOORDIGERS IN LIGGAME

Artikel XX
A Die Hoofbestuur is geregtig om van tyd tot tyd persone te benoem om hom na goeddunke in rade, komitees en besture van ander liggame te verteenwoordig.

B Sodanige verteenwoordigers kan te eniger tyd ontslaan of vervang word.

C Sodanige verteenwoordigers is verantwoordelik aan die Hoofbestuur.

D Op versoek van die Hoofbestuur kan verteenwoordigers vergaderings van die TO in adviserende hoedanigheid bywoon.

GELDSAKE VAN DIE VERENIGING

Artikel XXI
A Geldjaar
Die geldjaar van die Vereniging strek vanaf die eerste dag van Maart tot die laaste dag van Februarie.

B Ledegeld

1. (a) Lede wat in diens is van die Transvaalse Onderwysdepartement be= taal ledegeld soos deur die Algemene Vergadering bepaal.

   (b) Alle ander lede betaal ledegeld soos deur die Hoofbestuur bepaal.

2. Die Hoofbestuur bepaal hoe ledegeldbydraes verdeel moet word tussen 'n Sentrale Verenigingsfonds en 'n Ontwikkelingsfonds.

3. Lede wat in diens is van die Transvaalse Onderwysdepartement betaal lede= geld by wyse van 'n aftrekorder by die Departement, tensy die Hoofbestuur dit anders bepaal. Die bedrag op die aftrekorder word deur die Vereni= ging gewysig na gelang die ledegeld gewysig word. Aftrekkings geskied op 'n maandelikse basis en word deur die Onderwysdepartement aan die Vereniging oorbetaal. Alle ander lede betaal hul ledegeld jaarliks vooruit direk aan die Vereniging.

4. Alle briefwisseling in verband met aftrekordergelde word aan die Vere= niging gerig en nie aan die Onderwysdepartement nie.

5. Tensy 'n lid se skriftelike bedanking die hoofsekretaris voor 28 Februarie van 'n bepaalde jaar bereik, is die lid aanspreeklik vir die ledegeld vir die daaropvolgende jaar, met dien verstande dat 'n lid wat in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement is se aanspreeklikheid vir ledegeld outomaties beëindig word indien hy uit die diens van die Onderwysdepar= tement tree en die Vereniging onmiddellik daarvan in kennis stel, met dien verstande verder dat sodanige lid se aanspreeklikheid vir ledegeld outomaties hervat sodra hy weer in die diens van die Onderwysdepartement tree, tensy hy die Vereniging skriftelik in kennis stel dat hy nie sy lidmaatskap hervat nie.

C Die inkomste van die Vereniging verkry uit ledegeld, profyte of winste of enige ander bron word alleen aangewend vir die belegging of die oogmerke waarvoor dit ingestel is, en mag nie aan enige persoon uitgekeer word nie.

D <u>Reis- en verblyfkoste</u>
Die Hoofbestuur sal die reg hê om die tariewe vir reis- en verblyfkoste voor te skryf. Die redelike reis- en verblyfkoste van persone word deur die Vereniging soos volg vergoed:

1. Alle hoofbestuurslede vir die bywoning van vergaderings van die Hoofbe= stuur en Algemene Vergaderings.
2. (a) Gewone hoofbestuurslede vir die besoek aan elke tak binne hulle eie kringe en onkoste aangegaan ten opsigte van organisasiewerk in belang van die TO in oorleg met die Hoofsekretaris.
   (b) Gewone hoofbestuurslede vir die bywoning van kringbestuursverga= derings.
3. Bykomende hoofbestuurslede vir die bywoning van vergaderings van eie groepsbelange of belangegroep in oorleg met die Hoofsekretaris.
4. Uitvoerende Komiteelede vir die bywoning van vergaderings van die Uit= voerende Komitee.
5. Dagbestuurslede vir die bywoning van vergaderings van die Dagbestuur.
6. Persone wat in opdrag of op versoek van die Hoofbestuur reis.

HULPFONDS VAN DIE VERENIGING

Artikel XXII
A <u>Sentrale Verenigingsfonds</u>
Die Sentrale Verenigingsfonds word aangewend vir:

1. Die instandhouding van die Vereniging en al sy aktiwiteite op die pro= fessionele kulturele en diensvoorwaardevlak.
2. Bydraes tot die regsfonds van die Vereniging, bereken teen twee persent van die jaarlikse ledegelde totdat 'n maksimum bedrag bereik word soos deur die Hoofbestuur bepaal. Die Hoofbestuur bepaal ook hoe bedrae wat die maksimum bedrag oorskry, aangewend word.
3. 'n Trustfonds vir TO-takke waartoe bydraes, bereken volgens 'n metode wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur bepaal word, gemaak word.
4. 'n Beurs- en Leningsfonds waartoe bydraes, soos bepaal deur die Hoofbe= stuur, gemaak word.

B <u>Ontwikkelingsfonds</u>
Die Ontwikkelingsfonds word aangewend vir:

1. Die daarstelling van geriewe van verskillende aard waaraan daar 'n be= hoefte is en wat die lede op 'n koöperatiewe basis tot hul voordeel kan benut.
2. Projekte wat ingestel is op dienslewering aan die lid en wat sy direkte finansiële voordeel ten doel het.

C <u>Regsfonds</u>
1. <u>Aanwending</u>
   Die regsfonds word gebruik vir die beskerming van onderwysers wat lede van die Vereniging is en wat in die eerlike uitvoering van hulle pro= fessionele pligte benadeel of bedreig word.
2. <u>Beheer en Administrasie</u>
   (a) Die regsfonds word deur die Hoofbestuur beheer.
   (b) Aansoeke vir ondersteuning uit die fonds word by die Hoofsekretaris vir behandeling deur die Hoofbestuur ingedien.
   (c) 'n Lid wat begerig is om eisend of verwerend 'n regsgeding aan te gaan,

moet sy saak vooraf by die Hoofsekretaris aanhangig maak en geen stappe doen voordat die advies van die Hoofbestuur eers ingewin is nie. Versuim om aan hierdie bepaling te voldoen, kan tot ge= volg hê dat die Hoofbestuur weier om enige geldelike steun te ver= leen.

(d) Alvorens 'n lid om geldelike hulp vir 'n lasteraksie teen 'n ander lid aansoek doen, moet hy sy saak vir ondersoek en arbitrasie na die Hoofbestuur verwys.

(e) Die Hoofbestuur is geregtig om in buitengewone sake voorskotte te maak, wat met of sonder rente terugbetaalbaar is.

(f) Die beslissing van die Hoofbestuur sal in alle gevalle bindend wees.

D <u>Beurs- en Leningsfonds</u>

1. Die Beurs- en Leningsfonds word gebruik om:

(a) Lenings aan kinders van TO-lede beskikbaar te stel vir tersiêre onderwys.

(b) Beurs vir gevorderde studie of prestasietoekennings aan TO-lede toe te ken.

Die voorwaardes verbonde aan sodanige lenings, beurse of toekennings word deur die Hoofbestuur bepaal en in 'n reglement vir die fonds vasgelê.

2. <u>Beheer en Administrasie</u>

Die Beurs- en Leningsfonds word deur die Hoofbestuur beheer wat 'n Beurs- en Leningsfondskomitee, bestaande uit die lede van die Finansieskomitee, aanwys om die fonds te administreer. Die beslissing van die Hoofbe= stuur met betrekking tot die beheer en administrasie van die fonds sal in alle gevalle afdoende wees.

E <u>Trustfonds vir TO-takke</u>

Die Trustfonds vir TO-takke word aangewend vir:

1. Die delging van die reis- en verblyfkoste van minstens twee afgevaardig= des van elke tak na die Algemene Vergadering.

2. Sekretariële en administratiewe kostes verbonde aan tak-aktiwiteite.

PROSEDURE BY DIE BEHANDELING VAN BESKRYWINGSPUNTE

Artikel XXIII

A <u>Takke</u>

1. Lede het die reg om op enige vergadering van hulle tak beskrywingspunte voor te lê.

2. Beskrywingspunte wat deur takke goedgekeur word, word direk aan die Hoofsekretaris gestuur vir voorlegging aan die Hoofbestuur.

B <u>Kringe</u>

Kringe het die reg om op kringvergaderings beskrywingspunte op te stel en aan die Hoofbestuur voor te lê.

C <u>Belangegroepe</u>

Belangegroepe het die reg om beskrywingspunte op te stel en deur hulle Sen= trale Besture aan die Hoofbestuur voor te lê. Die Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange beskik oor dieselfde bevoegdheid.

D <u>Hoofbestuur</u>

1. Die Hoofbestuur behandel die beskrywingspunte wat hy van kringbesture, belangegroepe, die Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange en tak= ke ontvang het, met dien verstande dat die Hoofsekretaris by ontvangs van beskrywingspunte dit aan ander besture van die TO kan voorlê vir 'n

aanbeveling aan die Hoofbestuur.

2. Die Hoofbestuur het die reg om beskrywingspunte goed te keur, te wysig, te verwerp of na die Algemene Vergadering vir afhandeling te verwys en stel die betrokke kringe, belangegroepe of takke dienooreenkomstig in kennis.

3. Kringe en Belangegroepe het die bevoegdheid om beskrywingspunte wat deur hulle voorgelê is en deur die Hoofbestuur gewysig of verwerp is, na die Algemene Vergadering te verwys vir afhandeling.

4. Die Hoofbestuur het die reg om self beskrywingspunte op te stel.

5. Die Hoofbestuur moet uitvoering gee aan alle beskrywingspunte wat deur homself of die Algemene Vergadering goedgekeur is.

E Algemene Vergadering

1. Kennis van alle beskrywingspunte of voorstelle wat op die Algemene Verga= dering behandel sal word, geskied by wyse van 'n kennisgewing in 'n ampte= like publikasie van die Vereniging minstens dertig dae voor die Algemene Vergadering plaasvind, welke kennisgewing die inhoud van alle beskry= wingspunte of voorstelle moet bevat.

2. Besluite van die Algemene Vergadering is voldoende, met dien verstande dat indien die Hoofbestuur tot die gevolgtrekking kom dat 'n besluit van die Algemene Vergadering oor geldsake onuitvoerbaar is, of nie in die be= lang van die Vereniging is nie, kan hy besluit om nie aan die besluit uitvoering te gee nie op voorwaarde dat hy op die eersvolgende Algemene Vergadering van sy handelswyse verslag doen. By daardie geleentheid kan die Algemene Vergadering die handelswyse van die Hoofbestuur goedkeur, of hy kan opdrag gee dat daar aan sy oorspronklike besluit uitvoering gegee moet word. Sodanige opdrag sal afdoende wees.

PROSEDURE BY VERGADERING

Artikel XXIV

A <u>Algemene Prosedure</u>

By alle vergaderings van die TO, met insluiting van vergaderings van takke, besture en komitees, is die algemeen erkende prosedure by vergaderings van toepassing soos uiteengesit in "Prosedure by vergaderings" van P J van Z Hattingh.

B <u>Besondere Prosedure</u>

In die besonder sal die volgende bepalings van toepassing wees:

1. <u>Beslissende stem</u>
   Die voorsitter het 'n beslissende stem, uitgesonder by die verkiesing van persone en by geheime stemmings.

2. <u>Spreekbeurte</u>
   Die voorsitter reël die spreekbeurte en die lengte van toesprake.

3. <u>Stemming</u>
   Oor sake word daar gewoonlik met die opsteek van hande gestem, maar voor of na dié stemming met hande kan enige lid 'n verdeling en/of 'n stemming per stembrief eis.

4. <u>Verkiesing</u>
   Tensy sonder teëstem besluit word om die prosedure tydelik op te hef, geld die volgende reëls by die verkiesing van persone:

   (a) Kandidate word per geslote briefie genomineer.

   (b) Stemming geskied per stembrief.

   (c) Kandidate word met 'n volstrekte meerderheid verkies.

(d) By 'n staking van stemme word die lot gewerp.

(e) Stemtellers word deur die vergadering aangewys.

(f) Na elke stemming word die aantal stemme deur die stemtellers aan=gekondig.

(g) Indien die voorsitter van die vergadering ook 'n kandidaat is, moet hy die voorsitterstoel ontruim vir die duur van die verkiesing.

WYSIGING

Artikel XXV
Enige bepaling in hierdie Grondwet kan met 'n twee-derde meerderheid van teen=woordige stemgeregtigde lede op 'n Algemene Vergadering gewysig word nadat kennis=gewing van die beoogde wysiging geskied het soos bepaal word in Artikel XXIII E hierbo.

ONTBINDING

Artikel XXVI

A Die Vereniging word slegs ontbind met 'n drie-kwart meerderheid van teenwoor=dige stemgeregtigde lede op 'n Algemene Vergadering nadat kennis van sodanige voorstel geskied het soos bepaal in Artikel XXIII E hierbo.

B In geval van ontbinding van die Vereniging, gaan alle bates van die Vereni=ging kragtens 'n beslissing van die laaste Algemene Vergadering òf na 'n soortgelyke organisasie òf na 'n Raad van Trustees, deur die Algemene Ver=gadering benoem, welke Raad van Trustees met die bates mag handel in breë onderwysbelang.

BYLAAG 2

PROFESSIONELE EREREËLS VAN DIE TO - 1982

A VERPLIGTINGE MET BETREKKING TOT VOLKSTRADISIES

1. Ons glo dat die diepste verborgenhede omtrent die wese en bestemming van die mens in die Heilige Skrif geopenbaar is en aanvaar die Woord van God as die grondslag van ons strewe.
2. Ons glo dat opvoeding Christelik en nasionaal moet wees.
3. Ons glo dat by die kind agting vir die voorgeslagte en waardering vir hulle goeie voorbeeld en lewe van toewyding aangekweek moet word.

B VERPLIGTINGE TEENOOR DIE KIND

1. Ons glo dat die onderwyser geroepe is tot positiewe karaktervorming by die jeug.
2. Ons glo dat 'n kind vatbaar is vir goeie indrukke en dat hy die vermoë besit om onder leiding tot 'n nuttige en selfstandige burger van die Staat te ontwikkel.
3. Ons glo dat elke kind 'n billike kans in die lewe moet kry.
4. Ons glo dat daar 'n verpligting op ons rus om die kind met liefde, groot=moedigheid en regverdigheid te bejeën.

C VERPLIGTINGE TEENOOR OUERS EN DIE SAMELEWING

1. Ons glo in die waarde van huislike en kerklike opvoeding en in 'n noue samewerking tussen skool, huis en kerk.
2. Ons glo dat 'n skool die gees van 'n fatsoenlike huislike lewe moet weer=spieël.
3. Ons glo in moedertaalonderwys wat gegee word in 'n skool waar elke kind opgevoed kan word volgens die eenheidsbeskouing van ouers betreffende 'n Christelik-maatskaplike lewe.
4. Ons glo dat dit wenslik is om ons te vereenselwig met organisasies wat die heil van die kind beoog.
5. Ons glo dat ons 'n nuttige diens aan die samelewing in die algemeen kan bewys deur aan maatskaplike bedrywighede deel te neem.

D VERPLIGTINGE TEENOOR DIE PROFESSIE EN KOLLEGAS

1. Ons glo in die voortreflikheid van die onderwysprofessie en strewe daar=na om vir ons 'n waardige status te verseker deur eerlike werk te lewer.
2. Ons glo in 'n hartlike samewerking en 'n eensgesinde strewe tussen lede van dieselfde professie.
3. Ons glo dat een kollega dit aan 'n ander kollega verskuldig is om sy be=lange te eerbiedig, en dat dit onprofessioneel is om dislojaal te wees.
4. Ons glo dat dit beter is om onderling diensvaardigheid te betoon as om eie voordeel te soek.

E VERPLIGTINGE TEENOOR ONSSELF

1. Ons glo dat 'n onderwyser 'n goed ingeligte persoon moet wees, sodat hy as raadgewer in sy omgewing kan optree.
2. Ons glo dat 'n onderwyser voortdurend moet ontwikkel tot 'n beter onder=wyskrag, en dat hy dus middele moet beproef om sy bekwaamhede tot groter ontplooiing te bring.

3. Ons glo dat die eer van ons professie gehandhaaf moet word.
4. Ons glo dat dit waardig is om verantwoordelikhede te aanvaar en in die uitvoering van ons pligte getrou te wees.
5. Ons glo in die waarde van eie voorbeeld tot veredeling van die gemeen= skaplike gedrag.
6. Ons glo dat ons beloning gevind moet word in die voldoening wat gesmaak word by die lewering van ons dienste en by die waarneming van die ont= wikkeling van die kind.
7. Ons glo dat die onderwyser geregtig is op 'n volle maatskaplike lewe, dat enige beperking op sy vryheid, buite en behalwe ons verklaarde etiese verpligtinge, ons professie onwaardig is, en dat dit die strewe van die Vereniging moet wees om naas die heil van die kind ook die welsyn van die onderwyser te soek en te bevorder.

F VERPLIGTING TEENOOR OWERHEDE

Ons glo in 'n goeie verhouding tussen die onderwyserskorps en liggame en persone wat beheer oor onderwyssake het.

BYLAAG 3

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING

HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE BELANGEGROEP ONDERWYSERSOPLEIDING, 1982

1. NAAM
Belangegroep Onderwysersopleiding van die TO (BOO).

2. BEGINSELS
Die belangegroep funksioneer as 'n erkende belangegroep binne die raamwerk en volgens die beginsels van die Transvaalse Onderwysersvereniging soos vervat in laasgenoemde se grondwet en reglement.

3. STEMREG
Slegs TO-lede wat aan onderwyskolleges en residensiële universiteite in Transvaal verbonde is, kan lede van die Belangegroep Onderwysersopleiding wees en oor stemreg beskik.

4. STEMMING

Daar word gewoonlik met die opsteek van hande oor sake gestem, maar voor of na sodanige stemming kan enige lid 'n verdeling en/of 'n geheime stemming eis.

In ooreenstemming met die TO-reglement geld die volgende prosedure by die verkiesing:

- Kandidate word per geslote briefie genomineer en met 'n volstrekte meer= derheid verkies
- Stemming geskied per geslote stembrief, tensy die vergadering uitdruklik anders besluit
- By staking van stemme beslis die lot
- Verkiesingsbeamptes word deur die vergadering aangewys
- 'n Kandidaat by 'n verkiesing kan nie die voorsitterstoel beklee nie.

5. BEHEER
Die belangegroep sal beheer word deur

- 'n Jaarvergadering wat uit lede van die Belangegroep Onderwysersopleiding bestaan en deur die Sentrale Bestuur beplan word.

  Beskrywingspunte/mosies wat op die jaarvergadering aanvaar word, sal aan die Sentrale Bestuur voorgelê word vir verdere hantering en deursending aan die Hoofbestuur van die TO.

- 'n Sentrale Bestuur wat saamgestel word uit verteenwoordigers van die on= derwyskolleges en universiteite waarna hierbo verwys is en wel op die volgende basis:

  Een verteenwoordiger vir elke 50 TO-lede of gedeelte daarvan met inslui= ting van die voorsitter wat tweejaarliks gedurende die onewe jaartalle deur die aanwesige lede op die jaarvergadering verkies word. Die mak= simum verteenwoordigers vir 'n opleidingsinriting is egter twee.

  Die Sentrale Bestuur konstitueer so gou as moontlik na die verkiesing op die jaarvergadering en kies 'n ondervoorsitter en sekretaris/esse uit eie geledere.

6. VAKATURES
By enige tussentydse vakature in die Sentrale Bestuur benoem die betrokke inrigting van wie die uittredende lid 'n verteenwoordiger was 'n nuwe ver= teenwoordiger.

7. VERTEENWOORDIGING
Die voorsitter van die belangegroep verteenwoordig die belangegroep in die Uitvoerende Komitee en die Hoofbestuur van die TO.

8. PROSEDURE
Beskrywingspunte van lede van die belangegroep wat tydens jaarvergaderings of ander BOO-byeenkomste geformuleer is, word aan die Sentrale Bestuur voorgelê. Alle ander sake word deur die belangegroepbestuur binne die tak hanteer en deur middel van die taksekretaris aan die TO-kantoor gestuur vir voorlegging aan die Bestuur.

Alle besluite van die Sentrale Bestuur is onderhewig aan finale goedkeuring deur die Hoofbestuur van die TO. Benewens sake wat na hom verwys is, kan die Sentrale Bestuur ook op eie inisiatief vertoë aan die Hoofbestuur voorlê.

Indien vertoë deur die Hoofbestuur goedgekeur is vir verdere hantering, word die afloop daarvan in 'n TO-publikasie gerapporteer. Andersins word die sekretaris van die liggaam waarvan die vertoë ontvang is, skriftelik in kennis gestel.

9. WYSIGING
Wysiging van hierdie huishoudelike reglement kan deur die aanwesige lede op die Jaarvergadering aangebring word met 'n meerderheid van stemme. Alle wysigings is egter onderhewig aan bekragtiging deur die Hoofbestuur van die TO.

HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE BELANGEGROEP SEKONDêRE SKOLE, 1982

1. NAAM
Belangegroep Sekondêre Skole van die TO (BSS).

2. BEGINSELS
Die belangegroep funksioneer as 'n erkende belangegroep binne die raamwerk en volgens die beginsels van die TO soos vervat in laasgenoemde grondwet en reglement.

3. STEMREG
Slegs TO-lede verbonde aan inrigtings wat binne die belangesfeer van die Belangegroep Sekondêre Onderwys val, sal stemgeregtig wees (d.w.s. TO-lede wat met die onderrig van leerlinge is sekondêre skole te doen het).

4. STEMMING
Daar word gewoonlik met die opsteek van hande oor die sake gestem, maar voor of na sodanige stemming kan enige lid 'n verdeling en/of 'n geheime stemming eis.

In ooreenstemming met die TO-reglement geld die volgende prosedure by die verkiesing:

- Kandidate word per geslote briefie genomineer en met 'n volstrekte meerderheid verkies
- Stemming geskied per geslote stembrief, tensy die vergadering uitdruklik anders besluit
- By staking van stemme beslis die lot
- Verkiesingsbeamptes word deur die vergadering aangewys
- 'n Kandidaat by 'n verkiesing kan nie die voorsitterstoel beklee nie

5. BEHEER
Die belangegroep sal beheer word deur

5.1 'n Breë Bestuur

Die Breë Bestuur bestaan uit

- die lede van die Sentrale Bestuur
- die lede van die streekbesture van die BMS
- lede van die vakpanele (panele van hoogstens 3 lede per vak wat deur die Sentrale Bestuur benoem word)

Die Breë Bestuur vergader tweejaarliks, tensy op 'n vergadering van die Sentrale Bestuur en met die goedkeuring van die Hoofbestuur uitdruklik anders besluit is.

5.2 'n Sentrale Bestuur

Die Sentrale Bestuur word tweejaarliks op die vergadering van die Breë Bestuur soos volg saamgestel:

- 'n voorsitter – verkies deur die Breë Bestuur
- vyf werkgemeenskapverteenwoordigers (1 verteenwoordiger per werkge= meenskap verkies deur lede van die onderskeie werkgemeenskappe – ver= gelyk 5.5)
- een verteenwoordiger van Hoofde- en Onderhoofdeverenigings (verkies deur die verteenwoordigers van die Hoofde en onderhoofdeverenigings)

Tydens die eerste vergadering van die nuutverkose Sentrale Bestuur word 'n ondervoorsitter en sekretaris uit eie geledere aangewys.

5.3 Streekbesture

Die streekbesture word saamgestel uit:

- Vyf verteenwoordigers van elke tak binne die streek. (Hierdie vyf persone vorm die takbelangegroepbestuur wat alle BSS-sake binne die tak hanteer).
- Drie BSS-lede as verteenwoordigers van die BSS-hoofdevereniging van die TO binne die streek of die TO-hoofdevereniging wat uit lede van meer as een belangegroep bestaan insluitende die BSS. Indien geen sodanige hoofdevereniging bestaan nie, verval hierdie bepaling ipso facto.
- Die hoofbestuurslid in die streek wat ingevolge die TO-reglement uit die geledere van 'n sekondêre skool of kollege/universiteit verkies is.

Die hoofbestuurslid waarna hierbo verwys is, belê elke twee jaar nadat die nuwe takbesture saamgestel is 'n vergadering van die streekbestuur waar= tydens 'n voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris uit eie geledere aan= gewys word. Tydens die vergadering word onder andere ook beplanning vir die volgende twee jaar gedoen.

Streekbesture vergader verder na behoefte om sake rakende die BSS in die streek te hanteer.

5.4 Streekwerkgemeenskapbesture

Die streekgemeenskapbesture bestaan uit die takverteenwoordigers van 'n bepaalde werkgemeenskap in 'n streek, en hanteer die belange van die werk= gemeenskap in die streek op 'n ad hoc-basis. Die konsitueringsprosedure is dieselfde as vir streekbesture.

5.5 Takbelangegroepbesture

Die Takbelangegroepbesture bestaan uit vyf persone wat deur die tak benoem of verkies word as verteenwoordigers van die lede van die volgende werk= gemeenskappe wat binne die BSS gevorm word:

- Geesteswetenskappe
- Natuurwetenskappe
- Handel
- Tegnies
- Landbou/Huishoudkunde/Kuns/Prakties.

Hierdie bestuur hanteer alle BSS-sake binne die tak, en verteenwoordig die tak in die streekbestuur en streekwerkgemeenskapbesture.

6. VAKATURE
Enige tussentydse vakature wat in die Sentrale Bestuur ontstaan deur uit=trede of bedanking van die verkose lid, word deur die betrokke bestuur self deur koöptasie gevul. By enige tussentydse vakature in 'n ander be=stuur benoem die betrokke tak of hoofdevergadering van wie die uittredende lid 'n verteenwoordiger was 'n nuwe verteenwoordiger in sy plek.

7. VERTEENWOORDIGING
Die voorsitter van die belangegroep verteenwoordig die belangegroep in die Uitvoerende Komitee en die Hoofbestuur van die TO.

8. PROSEDURE
Die werkgemeenskappe sal op tak-, streek- en provinsiale vlak funksioneer. By die aanbieding van streeksaamtrekke kan die werkgemeenskappe ook gesa=mentlik optree.

Sake wat op streek- en provinsiale vlak hanteer word, word direk aan die Sentrale Bestuur voorgelê, maar alle ander werkgemeenskapsake moet deur middel van die takbestuur ingedien word.

Die verantwoordelike hoofbestuurslid sal te alle tye geken word in die be=planning van byeenkomste in 'n bepaalde streek. Wanneer afsonderlike vak=vergaderings binne die werkgemeenskap aangebied word, sal die bestuur wat die vergaderings reël, vaksameroepers aanwys.

Alle besluite van die Sentrale Bestuur is onderhewig aan finale goedkeuring deur die Hoofbestuur van die TO. Benewens sake wat na hom verwys is, kan die Sentrale Bestuur ook op eie inisiatief vertoë aan die Hoofbestuur voorlê.

Indien vertoë deur die Hoofbestuur goedgekeur is vir verdere hantering, word die afloop daarvan in 'n TO-publikasie gerapporteer. Andersins word die sekretaris van die liggaam waarvan die vertoë ontvang is, skriftelik in kennis gestel.

9. WYSIGINGS
Wysigings van hierdie huishoudelike reglement kan deur die Breë Bestuur aan=gebring word met 'n meerderheid van stemme. Alle wysigings is egter onder=hewig aan bekragtiging deur die Hoofbestuur van die TO.

## HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE BELANGEGROEP LAERSKOLE, 1982

1. NAAM
Belangegroep Laerskole van die TO (BLS)

2. BEGINSELS
Die belangegroep funksioneer as 'n erkende belangegroep binne die raamwerk en volgens die beginsels van die TO soos vervat in laasgenoemde se grondwet en reglement.

3. STEMREG
Slegs TO-lede verbonde aan inrigtings wat binne die belangesfeer van die Belangegroep Laerskole val, sal stemgeregtig wees (d.w.s. TO-lede wat met die onderrig van leerlinge in primêre skole te doen het).

4. STEMMING
Daar word gewoonlik met die opsteek van hande gestem oor sake, maar voor of na sodanige stemming kan enige lid 'n verdeling en/of 'n geheime stemming eis.

In ooreenstemming met die TO-reglement geld die volgende prosedure by die verkiesing:

- Kandidate word per geslote briefie genomineer en met 'n besliste meerder=heid verkies
- By staking van stemme beslis die lot
- Verkiesingsbeamptes word deur die vergadering aangewys
- 'n Kandidaat by 'n verkiesing kan nie die voorsitterstoel beklee nie.

5. BEHEER
Die belangegroep sal beheer word deur

5.1 'n Breë Bestuur
Die Breë Bestuur bestaan uit

- die lede van die Sentrale Bestuur
- die lede van die streekbesture van die BLS

5.2 'n Sentrale Bestuur
Die Sentrale Bestuur word tweejaarliks op 'n vergadering van die Breë Be=stuur verkies en bestaan uit 'n voorsitter en bykomende lede met dien ver=stande dat minstens een lid 'n dame sal wees.

Tydens die eerste vergadering van die nuutverkose Sentrale Bestuur word 'n ondervoorsitter en sekretaris uit die geledere aangewys.

5.3 Streekbesture
Die streekbesture word saamgestel uit

- Vyf verteenwoordigers van elke tak binne die streek. (Hierdie vyf per=sone vorm die takbelangegroepbestuur wat alle BLS-sake binne die tak hanteer)
- Drie BLS-lede as verteenwoordigers van die BLS-hoofdevereniging binne die streek of die TO-hoofdevereniging wat uit lede van meer as een be=langegroep bestaan insluitende die BLS. Indien geen sodanige hoofde=vereniging bestaan nie, verval hierdie bepaling ipso facto.
- Die hoofbestuurslid in die streek wat ingevolge die TO-reglement uit die geledere van die primêre of spesiale skool verkies is.

Die hoofbestuurslid waarna hierbo verwys is, belê elke tweede jaar nadat die nuwe takbesture saamgestel is 'n vergadering van die streekbestuur waar=tydens 'n voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris uit eie geledere aange=wys word. Tydens die vergadering word onder andere ook beplanning vir die volgende twee jaar gedoen.

Streekbesture vergader verder na behoefte om sake rakende die BLS in die streek te hanteer.

6. VAKATURE
Enige tussentydse vakature wat in die Sentrale Bestuur ontstaan deur uit=trede of bedanking van die verkose lid, word deur die betrokke bestuur self deur koöptasie gevul. By enige tussentydse vakature in 'n streekbestuur

benoem die betrokke tak of hoofdvereniging van wie die uittredende lid 'n verteenwoordiger wat 'n nuwe verteenwoordiger in sy plek.

7. VERTEENWOORDIGING
Die voorsitter van die belangegroep verteenwoordig die belangegroep in die Uitvoerende Komitee en die Hoofbestuur van die TO.

8. PROSEDURE
Beskrywingspunte van lede van die belangegroep wat tydens streeksaamtrekke geformuleer is, word aan die Sentrale Bestuur voorgelê. Alle ander sake word deur die belangegroepbestuur binne die tak hanteer en deur middel van die taksekretaris aan die TO-kantoor gestuur vir voorlegging aan die Sen=trale Bestuur.

Alle besluite van die Sentrale Bestuur is onderhewig aan finale goedkeuring deur die Hoofbestuur van die TO. Benewens sake wat na hom verwys is, kan die Sentrale Bestuur ook op eie inisiatief vertoë aan die Hoofbestuur voor=lê.

Indien vertoë deur die Hoofbestuur goedgekeur is vir verdere hantering, word die afloop daarvan in 'n TO-publikasie gerapporteer. Andersins word die sekretaris van die liggaam waarvan die vertoë ontvang is, skriftelik in kennis gestel.

9. WYSIGING
Wysiging van hierdie huishoudelike reglement kan deur die Breë Bestuur aan=gebring word met 'n meerderheid van stemme. Alle wysigings is egter onder=hewig aan bekragtiging deur die Hoofbestuur van die TO.

HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE BELANGEGROEP SPESIALE ONDERWYS, 1982

1. NAAM
Belangegroep Spesiale Onderwys van die TO (BSpO)

2. BEGINSELS
Die belangegroep funksioneer as 'n erkende belangegroep binne die raamwerk en volgens die beginsels van die TO soos vervat in laasgenoemde se grondwet en reglement.

3. STEMREG
Slegs TO-lede verbonde aan inrigtings wat binne die belangesfeer van die Belangegroep Spesiale Onderwys val, sal stemgeregtig wees (d.w.s. TO-lede wat met die onderrig van leerlinge in Spesiale Skole te doen het).

4. BEHEER
Die belangegroep sal beheer word deur 'n Sentrale Bestuur en werkgemeenskap besture.

4.1 Sentrale Bestuur
Die Sentrale Bestuur word tweejaarliks verkies en soos volg saamgestel:

voorsitter - verkies deur die afgevaardigdes op die tweejaarlikse saam=trek van die belangegroep

ondervoorsitter - verkies deur die afgevaardigdes op die tweejaarlikse saamtrek van die belangegroep

sekretaris - verkies deur die afgevaardigdes op die tweejaarlikse saamtrek van die belangegroep

vyf benoemde lede wat die volgende werkgemeenskappe van die BSpO onderskei=delik verteenwoordig:

- Hoofde en Onderhoofde
- Skolastiese Personeel
- Sentrumwerk
- Dames Praktiese Vakke
- Liggaamlike Opvoeding, Sport en Ontspanning

4.2 Werkgemeenskapbesture

Werkgemeenskapbesture bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekreta= ris en soveel addisionele lede as wat goed geag word, en word verkies ty= dens die vergadering van die onderskeie werkgemeenskappe met die tweejaar= likse saamtrek. Die voorsitters verteenwoordig hulle onderskeie werkge= meenskappe as benoemde lede op die Sentrale Bestuur van die belangegroep.

5. VAKATURE

Enige tussentydse vakature wat ontstaan deur die uittrede of bedanking van 'n verkose lid, word deur die betrokke bestuur self deur koöptasie gevul. Waar 'n vakature ontstaan deur uittrede of bedanking van 'n verteenwoordiger van 'n werkgemeenskap soos in 4.1 vermeld, sal die bestuur van die betrokke werkgemeenskap 'n plaasvervanger benoem.

6. VERTEENWOORDIGING

Die voorsitter van die belangegroep verteenwoordig die belangegroep in die Dagbestuur en die Hoofbestuur van die TO.

7. PROSEDURE

Vertoë van lede van die belangegroep word deur hulle Werkgemeenskapbestuur, met 'n aanbeveling van laasgenoemde, aanhangig gemaak by die Sentrale Be= stuur wat daaroor beslis. Laasgenoemde kan dit met 'n aanbeveling aan die Hoofbestuur vir optrede voorlê.

Die Sentrale Bestuur kan ook op eie inisiatief vertoë aan die Hoofbestuur voorlê.

Sake binne die belangesfeer van die BSpO kan deur die Hoofbestuur of ander belangegroepe (deur middel van die Hoofbestuur) na die Sentrale Bestuur van die BSpO vir hantering verwys word.

Verslag oor die afhandeling van vertoë word by wyse van gesirkuleerde no= tules en/of kennisgewing in 'n TO-publikasie gelewer.

8. WYSIGING

Wysigings van hierdie huishoudelike reglement kan aangebring word deur lede van die BSpO op 'n tweejaarlikse saamtrek onderhewig aan goedkeuring van die Hoofbestuur van die TO.

## KONSEP HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE BELANGEGROEP PRE-PRIMêRE SKOLE, 1982

1. NAAM

Belangegroep Pre-Primêre Skole van die TO

2. BEGINSELS

Die belangegroep funksioneer as 'n erkende belangegroep binne die raamwerk en volgens die beginsels van die TO soos vervat in laasgenoemde se Grondwet en Reglement.

3. STEMREG

Slegs TO-lede verbonde aan inrigtings wat binne die belangesfeer van die Belangegroep Pre-Primêre Onderwys val, sal stemgeregtig wees.

4. BEHEER
Die Belangegroep sal beheer word deur -

'n Sentrale Bestuur bestaande uit 'n voorsitter en vier lede wat tweejaarliks op die algemene vergadering van die Belangegreop verkies word en waarvan minstens een aan 'n opleidingsinrigting, een aan 'n departementele en een aan 'n nie-departementele kleuterskool verbonde is. Bo en behalwe die verkose lede kan die Hoofbestuur van die TO 'n maksimum van twee lede in die Sen=trale Bestuur benoem.

Die Sentrale Bestuur benoem uit eie geledere 'n ondervoorsitter/ster en sekretaris/esse.

Alhoewel die Algemene Vergadering jaarliks plaasvind word die bestuur soos alle ander TO-besture vir twee jaar verkies, en verkiesing sal dus in elke onewe jaartal plaasvind.

5. VAKATURE
Enige tussentydse vakature wat in die bestuur ontstaan deur die uittrede of bedanking van 'n verkose lid, word deur die bestuur self deur koöptasie gevul.

6. VERTEENWOORDIGING
Die voorsitter van die belangegroep verteenwoordig die belangegroep in die Uitvoerende Komitee en Hoofbestuur van die TO.

7. PROSEDURE
Vertoë van lede van die belangegroep word aanhangig gemaak by die Sentrale Bestuur wat dit oorweeg. Laasgenoemde kan dit met 'n aanbeveling aan die TO-Hoofbestuur vir optrede voorlê.

Verslag oor afhandeling van vertoë word by wyse van kennisgewing in *Mondstuk* of op 'n wyse wat die Hoofbestuur goed ag, gedoen.

8. WYSIGING
Wysiging van hierdie huishoudelike reglement kan op die Algemene Vergadering aangebring word en is onderhewig aan goedkeuring van die Hoofbestuur van die TO.

HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE BELANGEGROEP KOSHUISE, 1982

1. NAAM
Belangegroep Koshuise van die TO (BK)

2. BEGINSELS
Die belangegroep funksioneer as 'n erkende belangegroep binne die raamwerk en volgens die beginsels van die TO soos vervat in laasgenoemde se grondwet en reglement.

3. STEMREG
Slegs TO-lede verbonde aan inrigtings wat binne die belangesfeer van die Belangegroep Koshuise val, sal stemgeregtig wees (d.w.s. TO-lede wat met die beheer van koshuise te doen het).

4. BEHEER
Die belangegroep sal beheer word deur 'n Sentrale Bestuur wat tweejaarliks deur die Hoofbestuur benoem word. Die Sentrale Bestuur sal sover moontlik verteenwoordigend wees van die verskillende Departementele inrigtings waar=aan koshuis verbonde is en sal soos volg saamgestel word:

voorsitter - deur die Hoofbestuur aangewys
ondervoorsitter - deur die Sentrale Bestuur gekies
sekretaris - deur die Sentrale Bestuur gekies
twee addisionele lede.

5. VAKATURE
Enige tussentydse vakature word deur die Hoofbestuur op aanbeveling van die Sentrale Bestuur gevul.

6. VERTEENWOORDIGING
Die voorsitter van die belangegroep verteenwoordig die belangegroep in die Hoofbestuur van die TO.

7. PROSEDURE
Vertoë van lede van die belangegroep word deur die Sentrale Bestuur oorweeg wat dit met 'n aanbeveling aan die Hoofbestuur vir optrede voorlê.

Die Sentrale Bestuur kan ook op eie inisiatief vertoë aan die Hoofbestuur voorlê.

Sake binne die belangesfeer van die Belangegroep Koshuise kan deur die Hoofbestuur of ander belangegroepe (deur middel van die Hoofbestuur) na die Sentrale Bestuur van die Belangegroep Koshuise vir hantering verwys word.

Verslag oor afhandeling van vertoë word by wyse van gesirkuleerde notules en/of kennisgewing in 'n TO-publikasie gelewer.

8. WYSIGING
Wysiging van hierdie huishoudelike reglement kan aangebring word deur die Sentrale Bestuur onderhewig aan goedkeuring van die Hoofbestuur van die TO.

## HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE BELANGEGROEP SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS, 1982

1. NAAM
Belangegroep Sielkundige en Voorligtingsdiens van die TO.

2. BEGINSELS
Die Belangegroep funksioneer as 'n erkende belangegroep binne die raamwerk en volgens die beginsels van die Transvaalse Onderwysersvereniging soos vervat in laasgenoemde se Grondwet.

3. STEMREG
Slegs TO-lede wat aan die onderwyshulpdiens, Skoolsielkundige en Voorlig= tingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement verbonde is, sal stem= geregtig wees.

4. STEMMING
Daar word gewoonlik met die opsteek van hande oor sake gestem, maar vóór of ná sodanige stemming kan enige lid 'n verdeling en/of 'n geheime stemming eis.

In ooreenstemming met die TO-Grondwet se bepalings, geld die volgende pro= sedure by die verkiesing van Bestuurslede, tensy daar by die Jaarvergade= ring eenparig anders besluit word:

4.1 Kandidate word per geslote briefie genomineer en met 'n volstrekte meer= derheid verkies.

4.2 Stemming geskied per geslote stembrief, tensy die vergadering uitdruklik anders besluit.

4.2 By staking van stemme beslis die lot.

4.3 Verkiesingsbeamptes word deur die vergadering aangewys.

4.5 'n Kandidaat by 'n verkiesing kan nie die voorsitterstoel beklee nie.

5. BEHEER
Die Belangegroep sal beheer word deur:

5.1 'n Jaarvergadering wat uit lede van die Belangegroep Sielkundige en Voor=ligtingsdiens bestaan en wat op 'n tyd en plek vergader soos deur die Bestuur beplan.

5.2 'n Bestuur wat saamgestel word uit een verteenwoordiger van elke dissi=pline soos in die Skoolsielkundige en Voorligtingsdiens verteenwoordig en wat tydens die Jaarvergadering wat in die ewe-jaartalle val deur die betrokke lede van elke dissipline aangewys word.

Die Voorsitter(ster) van die Bestuur word tydens die Jaarvergadering wat in die ewe-jaartalle val gekies uit die verteenwoordigers wat in ooreenstem=ming met die bepalings van paragraaf 5.2 aangewys is. Die Bestuur konsti=tueer so gou as moontlik ná die verkiesing en kies uit eie geledere 'n Ondervoorsitter(ster) en Sekretaris(esse).

6. VAKATURES
Tussentydse vakatures in die Bestuur word deur die Bestuur self gevul, maar met inagneming van die beginsel dat elke dissipline in die Bestuur verteen=woordig moet wees.

Indien 'n vakature in die Bestuur meebring dat die amp van die Voorsitter (ster) of sekretaris(esse) vakant raak, sal die Bestuur sodanige vakature uit eie geledere vul.

7. VERTEENWOORDIGING
Die Voorsitter(ster) verteenwoordig die Belangegroep in die Uitvoerende Komitee en die Hoofbestuur van die TO.

8. PROSEDURE
Beskrywingspunte van die lede van die Belangegroep wat tydens die Jaarver=gadering of ander byeenkomste van die Belangegroep geformuleer is, word aan die Bestuur voorgelê.

Die lede van die Belangegroep kan ook beskrywingspunte en memoranda aan die TO-kantoor deurstuur vir voorlegging aan die Bestuur.

Alle besluite van die Bestuur is onderhewig aan finale goedkeuring deur die Hoofbestuur van die TO. Benewens sake wat na hom terugverwys is, kan die Bestuur ook op eie inisiatief, vertoë aan die Hoofbestuur voorlê.

Indien vertoë deur die Hoofbestuur goedgekeur is vir verdere hantering, word die afloop daarvan in 'n TO-publikasie gerapporteer. Andersins word die voorlegger van die beskrywingspunt of voorlegging, skriftelik van die uit=slag in kennis gestel.

9. WYSIGING
Wysiging van hierdie huishoudelike reglement kan deur die aanwesige lede op die Jaarvergadering aangebring word met 'n meerderheid van stemme. Alle wysigings is egter onderhewig aan bekragtiging deur die Hoofbestuur van die TO.

HUISHOUDELIKE REGLEMENT VAN DIE HOOFBESTUURSKOMITEE VIR ONDERWYSERESSEBELANGE, 1982

1. NAAM
Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange (HKO).

2. BEGINSELS
Die komitee funksioneer as 'n erkende komitee vir onderwyseressebelange

binne die raamwerk en volgens die beginsels van die TO, soos vervat in laasgenoemde se grondwet en reglement.

3. STEMREG
Slegs dameslede van die TO sal stemgeregtig wees.

4. BEHEER
Die komitee sal beheer word deur 'n bestuur bestaande uit drie verkose en vier benoemde lede.

(i) Die drie verkose lede, verteenwoordigend van die primêre, sekondêre en tersiêre onderwysinrigtings, waarvan een die voorsitster is, word op die tweejaarlikse Algemene Vergadering van die TO verkies, tydens 'n vergadering van onderwyseresse wat spesiaal vir dié doel in die program ingepas sal word.

(ii) Die vier benoemde lede verteenwoordig die BSS, BLS, BSpO en BOO onderskeidelik en word deur vermelde belangegroepe se Sentrale Besture aangewys.

5. VAKATURE
Enige tussentydse vakature wat ontstaan deur die uittrede of bedanking van 'n verkose lid, word deur die betrokke bestuur self deur koöptasie gevul. Waar 'n vakature ontstaan deur die uittrede of bedanking van 'n verteenwoordiger van 'n belangegroep soos in (4) vermeld, sal dié betrokke belangegroep 'n plaasvervanger benoem.

6. VERTEENWOORDIGING
Die voorsitster en nog twee lede van die Bestuur verteenwoordig die HKO in die Hoofbestuur met dien verstande dat een persoon van 'n primêre, een van 'n sekondêre en een van 'n tersiêre onderwysinrigting sal wees. Die voorsitster verteenwoordig die Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange in die Uitvoerende Komitee van die TO.

7. PROSEDURE

(i) Vertoë van die onderwyseresse word deur die komitee oorweeg en met 'n aanbeveling van die Hoofbestuur vir optrede voorgelê.

(ii) Die erkende belangegroepe verwys vertoë wat onderwyseresse-aangeleenthede is na die komitee, wat dit sal ondersoek en 'n aanbeveling aan die Hoofbestuur voorlê.

(iii) Onderwyseresse het ook die reg om vertoë regstreeks aan die komitee te rig.

(iv) Die komitee kan ook op eie inisiatief vertoë aan die Hoofbestuur voorlê.

(v) Verslag oor afhandeling van vertoë word by wyse van gesirkuleerde notules en/of kennisgewing in 'n TO-publikasie gelewer.

8. WYSIGINGS
Wysigings van hierdie huishoudelike reglement kan aangebring word tydens 'n vergadering van Onderwyseresse wat spesiaal vir die HKO in die program ingepas sal word tydens die tweejaarlikse Algemene Vergadering van die TO.

9. VERSLAG
Verslag van werksaamhede sal tydens die vergadering van onderwyseresse op die Algemene Vergadering van die TO deur die voorsitster en bestuur aan die lede voorgelê word.

10. KOMITEEVERGADERINGS/VERGADERINGS

(i) Die komiteevergaderings word bepaal deur die sekretariaat van die TO.

(ii) Die komitee besit die reg om aan te vra vir 'n vergadering indien 'n aangeleentheid dit regverdig.

BYLAAG 4

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING

TO-TAKREGLEMENT, 1982

1. NAAM VAN TAK: ..........................................................

2. BEGINSELS: Die Tak funksioneer as 'n erkende organisasie van TO-lede binne die geografiese gebied soos deur die Hoofbestuur van die TO afgebaken en wel binne die raamwerk en volgens die beginsels soos vervat in die TO se Grondwet en Reglement.

3. DOEL: Die Tak stel hom ten doel om die Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding te bevorder.

4. STEMREG: Slegs TO-lede wat aan onderwysinrigtings binne die Tak se grense verbonde is, het stemreg.

5. BREË TAKBESTUUR: Die Tak word beheer deur 'n bestuur wat ooreenkomstig die TO se Reglement tweejaarliks na afloop van die Algemene Vergadering, maar in elk geval nie later as 31 Maart van die daaropvolgende jaar nie, deur die lede van die tak verkies word.

   Die bestuursposte waarin persone verkies moet word, bestaan uit:

   (i) voorsitter
   (ii) ondervoorsitter
   (iii) sekretaris penningmeester

   Hierbenewens verkies/benoem die Belangegroepafdeling/Takbestuur (indien van toepassing) ook die ondergenoemde lede.

   (iv) Vyf (5) lede vir die BLS-afdeling (insluitende voorsitter, ondervoor=sitter en sekretaris)

   (v) Een (1) persoon as verteenwoordiger van die lede in elk van die volgen=de BSS-rigtings (indien van toepassing).

   - Geesteswetenskappe
   - Natuurwetenskappe
   - Handel
   - Tegnies
   - Landbou/Huishoudkunde/Kuns/Prakties

   (vi) Een (1) persoon as verteenwoordiger van die lede in die BSpO-afdeling vir elk van die volgende werkgemeenskappe:

   - Hoofde en onderhoofde
   - Skolastiese personeel
   - Dames praktiese vakke
   - Sentrumwerk (Instrukteurs)
   - Liggaamlike Opvoeding, Sport en Ontspanning

   (vii) Drie (3) lede vir die BK-afdeling (voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris).

   (viii) Drie (3) lede vir die HKO (voorsitster, ondervoorsitster en sekreta=resse).

   (ix) Drie (3) lede vir die BOO-afdeling (voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris).

   (x) Drie (3) lede vir die BPPS-afdeling (voorsitster, ondervoorsitster en sekretaresse).

   (xi) 'n Verteenwoordiger van elke onderwysinrigting in die takgebied. Die Die breë takbestuur vergader na behoefte.

6. <u>DAGBESTUUR</u>

(i) Die Dagbestuur van die Tak sal bestaan uit die voorsitter, ondervoor=sitter en sekretaris van die Tak en die voorsitters van die belange=groepafdelings en die Komitee vir Onderwyseressebelange.

(ii) Die Dagbestuur hanteer alle spoedeisende sake en vergader minstens een keer per termyn.

7. <u>VAKATURE</u>: Enige tussentydse vakature in die Bestuur word deur laasgenoemde self gevul.

8. <u>VERTEENWOORDIGING</u>

8.1 Die takvoorsitter en -sekretaris (of hulle plaasvervangers) verteenwoordig die Tak waar nodig en van toepassing.

8.2 Die bestuurslede van die BBS- en BLS-belangegroepafdelings verteenwoordig die Tak op die onderskeie streekbesture.

9. <u>AKTIWITEITE</u>

9.1 Die lede van die Tak sal minstens een keer elke termyn vergader.

9.2 Die vergaderings sal verkieslik binne die eerste vier weke van elke termyn plaasvind.

9.3 By die eerste vergadering na afloop van die Algemene Vergadering (Kongres) sal 'n bestuur saamgestel word.

9.4 Die vergadering sal sover moontlik in rotasie by die verskillende skole, wat vir die ontvangs van die lede verantwoordelik sal wees, gehou word.

9.5 Die Tak sal hom beywer op die breë onderwysterrein, die belange van sy lede behartig en trag om sosiale- en kulturele funksies doeltreffend te verrig.

9.6 Die teenwoordige lede by 'n takvergadering vorm 'n <u>kworum</u>.

10. <u>GELDSAKE</u>

10.1 Die boekjaar van die Tak sal strek van 1 Januarie tot 31 Desember.

10.2 Takgeld ten bedrae van .....c per lid per jaar word gehef.

11. <u>PROSEDURE</u>: Vertoë van die Tak sal aan die TO-kantoor gestuur word vir voorlegging aan die Hoofbestuur.

12. <u>WYSIGING</u>: Wysiging van hierdie huishoudelike reglement kan aangebring word met 'n tweederde meerderheid op 'n takvergadering. Alle wysigings is onderhewig aan die goedkeuring van die Hoofbestuur van die TO.

13. ........................................................................

........................................................................

........................................................................

........................................................................

Goedgekeur en onderteken op ...................(datum) te ..........(plek)

Namens die TO-tak ..............................

......................  ......................

VOORSITTER  SEKRETARIS

(+Skrap wat nie van toepassing is nie en parafeer)

<u>NOTA</u>

BLS = Belangegroep Laerskole
BSS = Belangegroep Sekondêre Skole
BSpO = Belangegroep Spesiale Onderwys
BK = Belangegroep Koshuise
HKO = Hoofbestuurskomitee vir Onderwyseressebelange
BOO = Belangegroep Onderwyseropleiding
BPPS = Belangegroep Pre-Primêre Skole

BYLAAG 5

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING

VERKORTE FORMULIER VIR DIE INSTELLING VAN HOOFBESTUURSLEDE, 1982

Geagte kollega(s), u is gekies om die hoogste bestuur van die TO te dien. U kiesers koester die hoogste verwagtings van u en sien na u op om leiding. Hulle bedoeling was nie om u by wyse van eerbewys in die kussings te plaas nie, maar om diens van u te verwag. Voordat u behoorlik kan dien, is dit no= dig dat u die doel en strewe van die TO deurgrond.

VIR DIE DOEL OORHANDIG ONS AAN U 'N GRONDWET VAN DIE TO

Dit is twyfelagtig of ons, wat minder tyd het as die opstellers in 1893 om ons in die ewige dinge te verdiep, wat deur geweldige strominge heen en weer geruk word, so 'n weldeurdagte, so 'n ewigware, so 'n besielende en rigtinggewende grondwet kon opgestel het.

Laat ons daardie Grondwet lees en herlees totdat ons van die gees daarvan deurdrenk is en laat ons ons werk en strewe dienooreenkomstig inrig. Dit is egter nie voldoende om hierdie waarhede en besieling in u hart om te dra nie; u moet dit in u Kring of belangegroep uitlewe en aan u lede meedeel.

Trou aan die Hoofbestuur

Van u word onvoorwaardelik trou aan die Hoofbestuur verwag. U moet u mede hoofbestuurslede beskerm soos wat u verlang dat hulle u sal beskerm. Dit is dislojaal om mee te deel wat indiwiduele lede in die hoofbestuur gesê of gedoen het, of om vertroulike besprekings wêreldkundig te maak. Net die besluite van die hoofbestuur kan gepubliseer word, en selfs dan moet u u diskresie gebruik. Die besluit van die hoofbestuur is bindend op u. U kan sê dat u oorspronklik nie ten gunste van die besluit was nie, maar nadat dit geneem is, staan u on= der die verpligting om dit te ondersteun. As u enige kritiek op die TO of op die hoofbestuur het, moet u dit in die hoofbestuur bespreek, maar nooit daar= buite nie.

EEN VERSOEK

Indien u miskien lidmaatskap van 'n ander onderwysersvereniging geniet, is dit 'n vereiste van die Reglement dat u as Hoofbestuurslid van die TO daardie lid= maatskap onmiddellik moet beëindig.

Namens al die lede heet ek u van harte welkom in die hoofbestuur.

Ek vertrou dat u dienstyd aangenaam sal wees en dat u veel tot die opvoeding van ons volk, die uitbouing van die TO en die verheerliking van God sal kan bydra.